

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 9, NO 2, 2de kwartaal 2003

REDAKSIONEEL

## WIE ORE HET

'Dat die mens met twee ore en een mond geskape is, is nie sonder goeie rede nie', het iemand per geleentheid gesê. Daarmee is die spyker op die kop geslaan. Twee ore om mee te hoor; een mond om mee te praat. Baie luister; min praat. Eers luister; dan praat. Goed luister voordat jy praat. Daarvan sê Jakobus (3:1): 'Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan'.

### Heerlike gawe

Die Here het die mens na sy beeld geskep. Beeld van God wees beteken om in verbond met die Here te leef. Lewe in die verbond met God hou onder andere in dat die mens die Here kan hoor en wil hoor en dat hy aan God ge-hoor-saam wil wees. Om te kan hoor is 'n besondere gawe. Om gehoorsaam te wees nie minder nie.

Sonde het die mens doof gemaak. Doof vir God en sy gebod. Die gevalle mens wil die Here nie hoor nie. Die gevalle mens wil sy medemens ook nie hoor nie. Hy hou hom doof vir die stem van God en vir die geroep van sy medemens in nood. Hy draai sy kop weg en maak asof hy niks hoor nie. Horende doof. Gevoelloos doof. Meedoënloos doof.

Aan hierdie toestand van geestelike doofheid het Jesus Christus ons Verlosser 'n einde gemaak. Hy is Verlosser van sonde en oordeel en ewige dood. Hy is ook Verlosser van die gevolge van sonde: van doofheid en hardhorendheid. Psalm 40:7 profeteer daarvan: 'ore het U vir my gegrawe'. Inderdaad, Jesus Christus grawe dowe ore oop. Deur sy Gees stel Hy die kinders van God daartoe in staat om opnuut te hoor wat God sê en gehoorsaam daarop te reageer.

Die geskape oor wat kan hoor is 'n heerlike gawe. Die gawe van die hêrskape oor is in 'n sek heerliker.

### Sonde woeker voort

Tog bly hardhorendheid en ongehoorsaamheid deel van die gebroke werklikheid wat ons aan

die duskant van die graf beleef. Van kleins af moet ons ons kinders onderrig om te hoor en te luister. Kinders moet leer om een maal te hoor, en onmiddellik te luister. Hulle moet leer om sonder voorbehoud en onderskeid te luister. Boodskappe moet nie geselekteerd – soos wat dit die kind pas – aangehoor word nie.

As kinders nie na hulle ouers luister nie, hoe sal hulle leer om na juffrou te luister, en later na 'n dosent, en nog later na 'n werkgewer? Belangriker nog: hoe sal hulle weet om die Here te hoor en aan Hom gehoorsaam te wees? Gehoor-opvoeding begin tuis.

Die opvoeding hou nooit op nie. Die leer-om-te-hoor-proses is lewenslank. So-ook die stryd teen die sonde van traag-wees-om-te-hoor en geselekteerd luister en nie-mooi-hoor-nie. Op alle fronte kry 'n mens met dié sonde te doen. Hoeveel huweliks-onmin begin nie by 'n gebrek aan kommunikasie nie – dit wil sê: 'n gebrek aan sorgvuldig hoor en duidelik praat? Dieselfde onmin ontstaan tussen kollegas by die werk, mense in besigheid, kinders op skool. Ook tussen broeders en susters in die geloofs-Familie, die kerk, as daar nie liefdevol en intens na mekaar geluister word nie. Al te maklik word slotsomme gemaak sonder dat 'n saak eers behoorlik aangehoor en oordink is.

Satan en sy leërmag duiwels slaan 'n wrede slag waar hulle dit regkry om gelowiges vir mekaar horende doof te maak. Ore, wat deur Christus opnuut oopgegrawe is, word vir mekaar gesluit. Dit is diep tragies.

### Remedie

Die uitkoms uit ons hoor- en gehoorsaamheidskrisis is eenvoudig, maar moeisaam. Eenvoudig, omdat ons uit Gods Woord presies weet wat moet gebeur. Moeisaam, omdat die gelowige 'n permanente stryd beleef, waarvan Paulus in Romeine 7:21 melding maak: 'as ek die goeie wil doen, is

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 Redaksioneel  
Wie ore het
- 2 Skrifoorndenking  
God se verwagting  
Ds SJMS Smit
- 4 Aktueel  
Post-modernisme en die Gereformeerde Belydenis in Afrika  
Ds ALA Buys
- 7 Fokus  
Psalm 106 vermink  
Prof VE d'Assenville
- 9 Op die kerkerf  
Kerkverband - gemeenskapsbeoefening, geen struktuurhou  
Ds HLJ Momberg
- 12 Regte  
Die reg tot selfverdediging en oorlogvoering  
Dr AH van den Bout
- 17 Mediese etiek  
Getuienis in mediese praktyk  
Prof JM Boon
- 18 Rekenaar en Internet  
In die Genève van Calvyn  
Dr AH Bogaards
- 20 Persskou  
  - Onderwys in die brandpunt
  - Die nuwe vak 'multi-religie'
  - Een woord wat 'n reusagtige verskil maak
  - Spelreëls vir opbouwende debatvoering
- 24 Gebed van Calvyn

die kwaad by my aanwesig. Eenvoudig: die verlossing in Christus moet daadkrachtig uitgeleef word. Moeisaam: die oorlog teen die ou mens is lewenslank.

Tog moet die uitkoms gesien en gesoek word. In praktyk kom dit op enkele duidelik onderskeibare stappe neer:

- Bid daagliks vir genade om horende ore te hê.
- Span die ore in deur elke woord te hoor wat iemand sê.
- Oordink dit wat gesê is.
- Vra indien daar onduidelikheid bestaan oor dit wat gesê is.
- Reageer rustig, weldeurdag en gebalanseerd op dit wat gesê is.

Enkele rooi ligte:

- Moenie kyk wie praat voordat jy hoor wat hy of sy sê nie.
- Moenie dinge inlees in wat gesê word nie.
- Moenie met 'n halwe oor luister of halfpad ophou luister nie.
- Moenie klaar dink wat jy gaan antwoord voordat jy klaar geluister het nie.
- Moenie by voorbaat besluit dat dit niks help om na hierdie persoon te luister nie.

Wie van Christus oopgegraafde ore ontvang het om te hoor, laat hom hoor deur die krag van die Gees!

## SKRIFOORDENKING

# GOD SE VERWAGTING

Ds SJMS Smit, Oos-Moot

Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Psalm 89:27

God openbaar Homself as Skepper en Verlosser. Hy het sy volk met wonderhandelinge uitgelei uit die slawerny van Egipte. Hy het hulle oorgebring in die beloofde land om 'n erfdeel aan hulle te gee. Hy is getrou aan sy verbond met sy volk. Dié God het 'n sekere verwagting van sy volk gekoester. Hy stel dit in Jeremia 3:19: 'Ook het Ek gedink: Jy sal My noem: My Vader! en jy sal van My nie afvallig word nie'.

Psalm 89 sluit hierby aan. Ook in hierdie psalm word die dimensie van die Vader-kind-verhouding in die verbond aan ons geopenbaar.

In die gedeelte van Psalm 89 sien ons dat God wat skep, God wat Eienaar is van sy skepping, God wat uitverkies, God wat verlos, dat Hy die mens - sy gesalfde - aanstel om te heers oor sy skepping! Dit is nog altyd die opdrag aan die mens. 'n Opdrag waar van God ons nog nooit onthef het nie! 'Onderwerp dit en heers (daar)oor...' (Genesis 1:28). Eintlik moet ons die hele opdrag weer onder oë neem om die verbondsbloftes van God ook in dié lig te sien. Daar staan: 'Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip'.

Psalm 89 besing dat God die mens – koning Dawid – met vele verbondsbloftes aangestel het om oor Sy skepping te heers.

Dit val op dat die beloftes wat God hier maak baie ooreenkom met die beloftes wat God volgens Jeremia 3 aan sy bondsvolk gemaak het nadat Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Beloftes wat nie net verband hou met die 'saad' nie, maar ook met die 'troon'! Beloftes dat die HERE beskerming teen die vyand sal gee, dat Hy vir sy volk sal stry, dat Hy die oorwinning sal gee, dat Hy hulle aanstel om oor Sy eiendom, die aarde, die stukkie aarde wat Hy aan hulle gee, die beloofde land te heers!

Wanneer die mens gehoorsaam aan hierdie opdrag gevolg gee, verwag God nie dat dit in 'n Baas-Klaas verhouding sal geskied nie. Ook nie soos by die Oosterse-vasaalverdrae 'n onderdanigheid van 'n verslaande koninkie aan die sterk oorwinnaar Koning nie. God skep 'n Vader-kind verhouding.

Die Almagtige, Skepper, Onderhouer en Regeerder van sy skepping stel met sy verbond die sondaarmens in 'n Vader-kind verhouding om vanuit dié verhouding Sy skeppingsopdrag na te kom.

God verwag dat die bondeling Hom sal noem: My Vader is U!

Hierdie belydenis: 'My Vader is U!', kan ons sê, is die antwoord op die verbond.

Die eerste woord waarop ons moet let in Psalm 89:27 is die woord noem.

Dit is die Hebreeuse woordjie 'qara' wat vertaal kan word met 'roep' of 'uitroep'.

VERENIGING VIR  
GEREFORMEERDE  
LEWENSWANDEL

Voorsitter:  
Dr AH van den Bout  
Tel 012 332 2988  
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:  
Mev J de Wind  
Ds GJ Meijer  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 546 4915  
e-pos:  
gjmeijer@absamail.absa.co.za

Medewerkers:  
Dr AH Bogaards  
Prof JM Boon  
Dr ALA Buys  
Prof GJC Jordaan  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 335 9134  
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley

Intekengeld:  
R100 per jaar

Tegniese versorging:  
Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
e-pos: printbur@mweb.co.za

Dit dui die aksie aan om met 'n luide stem die aandag van iemand op jou te vestig, om met hom in kontak te kom.

Die woord word ook gebruik vir die uitdrukking 'aanroep', 'om God aan te roep'.

In die profetiese boeke is dit ook 'n tegniese term om 'verkondiging' aan te dui. Waar jy iets uitroep!

In Psalm 89:27 is dit meer 'n plegtige verklaring, 'n belydenis waarom jy nie swyg nie, maar waarmee jy God aanroep: My Vader is U!

Met die verbond plaas God ons in 'n Vader-kind verhouding met Hom, ons Vader!

Adam word volgens Lukas 3:38 'die seun van God' genoem. Daar, in die paradys, waar Adam sy heersopdrag moes uitvoer, daar sien ons hoe die verhouding tussen God (die Vader) en sy seun (Adam) vergestalt het. God het in Adam se behoeftes voorsien, en God het in die aandwindjie gewandel om die mens se werk te betrag, om met hom te praat, met die mens in heilige gemeenskap te tree.

Hierdie verhouding tussen Vader en kind is deur die sondeval van die eerste Adam verbreek!

Met sy verbond plaas God die mens opnuut in 'n Vader-kind verhouding, en wil Hy hierdie verbreekte verhouding herstel. Hy het dit van sy verlore volk verwag om Hom te bely, aan te roep, te noem: My Vader! Hulle versuim om dit te doen loop daarop uit dat God die tweede Adam, Jesus Christus stuur, om as Verbonds-Hoof die Vader aan ons te kom 'eksegetiseer' (Johannes 1). Hy is gesalf om uit te roep: My Vader is U! En as gesalfde leer Hy ons om te sê: Onse Vader. Hy stel ons deur sy bloed en heilswerk in 'n nuwe, herstelde verbondsverhouding met God.

'n Vader-Kind verhouding! In die eerste plek is dit die verhouding wat tussen God die Vader en God die Seun bestaan, en in die tweede plek is dit die verhouding wat tot stand kom tussen God en almal wat deur die geloof deel het aan die salwing van Christus.

Ons sien volgens ons doopformulier dat God ernstig is as Hy 'n verbond met ons en met ons kinders oprig! God rig, van sy kant, 'n verbond met die dopeling op! 'Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, dan betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem, en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik'.

Die verbondsoprigting van God se kant plaas ons nie net onder die regering van die troon van God wat gegrond is op reg en geregtigheid nie. Hier vind nie net 'n 'regime' verandering plaas nie, naamlik dat ons oorkom van die ryk van die duisternis na die ryk van die lig nie. Die verbond plaas ons in 'n intieme persoonlike gemeenskap met God. Dit plaas ons in 'n besondere persoonlike verhouding met God die Almagtige Skepper van hemel en aarde. Dit plaas ons in 'n Vader-kind verhouding!

Iemand het gesê: 'n kind weet nie by geboorte dat hy kind van sy pa is nie, maar gaandeweg word hy bewus dat die man vir wie hy soveel bewondering het, sy pa is. Net so: die gedoopte kind, met wie God 'n verbond oprig, weet

nie God is sy Vader nie. Gaandeweg kom hy/sy deur die verbondsoopvoeding van die ouers tot die besef dat hierdie Almagtige God, Skepper van hemel en aarde, om Christus ontwil sy/haar Vader is!

'n Vader-kind verhouding: Wat 'n ryk gedagte!

Wat behels dit?

Dit sê:

- Dat God ons tot sy kinders en erfgename aangeneem het. Ons kan ons beroep op onse Vader en op al sy ryke beloftes in sy Woord.
- God gee aan ons die reg om aangenome kinders van God genoem te word – as gevolg van die regverdigmaking, deur die geloof.
- God gee genadiglik ook sy Gees dat ons die eienskappe van ons Vader vertoon... hoe langer hoe meer gelykvormig aan sy Beeld... die Beeld van sy Seun. Dit is heiligmaking, nie waar nie?
- Ook het ons in hierdie verhouding waarin God ons met sy verbond stel 'n ryk vertroosting: My Vader dink aan my; Hy sien my gedurigdeur; Hy is nie langer toornig op my sonde nie; Hy het my lief!

'n Ryk inhoud

Ons kan nou vra: is alle gedoopte kinders kinders van God? In antwoord hierop moet ons duidelik stel dat God nie speel as Hy sy verbond met die kind oprig en dit met die doop betuig en verseël nie. Dit is egter een ding om die naam te dra dat jy kind van God is. Dit is 'n ander ding om kind van God te wees! Om hoe langer hoe meer gelykvormig te word aan die beeld van sy Seun.

Ons sien ons eie tekortkominge, nie waar nie? Maar wat God van die dopeling verwag, sien ons in die heilswerk en voorbeeld van ons Here Jesus Christus. Wat God hier in Psalm 89 oor Dawid sê, het Hy in Jesus Christus vervul. Jesus Christus het gesê: My Vader is U! Wanneer? Toe Hy ons leer bid het, toe Hy die Vader aan ons geopenbaar het: 'Ek en die Vader is een, wie My gesien het, het die Vader gesien!'

Hy het uitgeroep: My God, my God, waarom het U my verlaat? - sodat ons nooit deur God ons Vader verlaat sal word nie.

Hy het sy verlossing van God verwag: die Rots van my heil, my verlossing. En God het Hom die eersgeborene gemaak (Romeine 8:29, Kolossense 1:15 en 18, Hebreërs 1:6, Openbaring 1:5).

Dit is om Sy ontwil dat God ons as sy kinders aanneem, dat God sy verbond met ons oprig. Die HERE is ernstig as Hy 'n verbond met ons oprig. Hy is ernstig oor sy beloftes (van seën en wraak) aan die 'Hy'-kant. En Hy is ernstig oor die statute en bepalinge, die eise aan die 'ek'-kant!

Nou verwag God dat ons (wat in Christus verlos is) sal sê, sal bely, sal uitroep: My Vader is U, my God! En die rots van my heil, my verlossing!

Dit is een ding om die naam te dra dat jy kind van God is. Dit is 'n ander ding om kind van God te wees, so te leef.

In Maleagi 1:6 kla die HERE weer oor sy bondsvolk as Hy sê: "n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My?"

Dit is 'n baie aktuele verbondsvraag as ons kyk na ons heiligmaking.

Die minister van onderwys het wetgewing voorgestel dat godsdiens, wat alreeds uit die vakinhoude in baie skole verdwyn het, nou ook as beoefende praktyk en opvoedingsvak uit die kurrikulum-ure van skole moet verdwyn. Die skool is die plek waar die meeste van ons verbondskinders ten minste ses ure van die dag deurbring en 'n groot persentasie van hulle opvoeding ontvang. Nou bepaal wetgewing dat jy nie agter die skool se draad sal sê: 'U is my Vader' nie. Geen toegang vir Christus terwyl jy onderrig word nie. Geen seggenskap vir God die Skepper in vakinhoude nie. Die koningskap van Christus word nie langer meer oor hierdie stukkie grond erken nie.

Sien u wat gebeur? Die verbondsvolk word die mond gesnoer in die opvoeding van hulle kinders. Hoe lank dink ons gaan dit duur voordat ons verbondskinders gaan word van God afvallig gaan word?

Ons kan nou redeneer dat ons ouers die verbondsoopvoeding tuis sal doen. Dit is in elk geval die ouers se plig. Ons moet

egter onthou dat die verbond van God oral en altyd uitgeleef moet word. Ons kan nie net begaan wees oor die saligheid van ons siele, maar nie begaan wees oor die erkenning van die heerskappy van Christus oor ons lewens en op elke lewensterrein nie.

God sal van ons rekenskap eis oor hoe ons Hom bely het: in ons lewe, in ons skole, in ons land.

God verwag dat ons, terwyl ons ons oog op die vervulling van die beloftes van Ps 89 in Christus het, sal sê, sal uitroep, sal bely, plegtig sal verklaar: My Vader is U! My God! Die Rots van my heil, my verlossing!

In hierdie saak moet ons onthou: God het sy Seun aan ons gegee; God het sy Heilige Gees in ons midde gegee; God het deur die geloof gegee dat ons deel het aan die salwing van Christus. God het sy verbond met ons opgerig, God het aan ons die oorwinning belowe dat ons hoe langer hoe meer gelykvormig sal word aan die beeld van sy Seun, en hoe langer hoe harder sal uitroep: my Vader is U! U is my God!

Ek kan dan nie swyg nie, ek sal dan nie swyg nie. As ons met die verbond erns maak, moet ons uitroep: Ek en my huis, ons sal die HERE dien! Ons sal dit uitroep: My Vader is U!

---

AKTUEEL

# POST-MODERNISME EN DIE GEREFORMEERDE BELYDENIS IN AFRIKA

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Wat hier volg, is 'n toespraak wat op 14 April 2003 voor die Tussen Kerklike Kommissie van Pietersburg [TKK] by die Hervormde Kerk Welgelegen gelewer is. Die teks van die toespraak word so te sê woord vir woord weergegee.

My medebroeders in die verstrooiing, wat baie waarde heg aan die elf artikels van die apostoliese geloofsbelydenis:

God handhaaf sy verbond - tot in die hel.

Oorlede Nietzsche laat die mal Zarathustra met sy openbaringsfakkeltjie op die markplein die doodsberig oordra. As dieselfde Zarathustra vandag aan ons sou vra: Het jy God gesien? ... Het jy dan God gesien? dan is ons darem nog gereed met 'n wederwoord.

Teenoor die doodsberig handhaaf ons die opstandingsberig. Ons is drie dae van die herdenking van die kruisiging van ons Here af, waar ons dit waag, om darem nog gesamentlik dit te sê: ons glo ons is salig. Op grond van die Skrif glo ons dat ons deur God uitgekies is. Ons het dit in 'n dokument vasgelê: die Dordtse Leerreëls. Vir almal om te lees. Ons het ook ons geloof aangaande die openbaringslig, die Bybel as Woord van God vasgemaak in die eerste sewe artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

As Zarathustra kom sê 'God is dood', en ons sê 'nee, Hy is nie', dan word dit 'n eenvoudige vraag van hoe jy dit weet. Ek wil vanmôre hieroor met u in gesprek gaan. Sommige sal sê ek wil u aan die baard gryp, nie oor u saligheid nie, maar oor u gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan die openbaring van God. Gehoorsaamheid aan sy verbond wat Hy met ons doop eensydig met ons opgerig het. Gehoorsaamheid aan die bevele van God binne daardie verbond. God handhaaf sy verbond op die aarde, ook in Polokwane. Hy handhaaf dit in die hemel, waarheen ons sê ons op pad is. Maar, en laat die ore daarvan tuit: God handhaaf sy verbond ook tot in die hel toe.

Ek wil met u praat oor post-modernisme en my eie gereformeerde belydenis in Afrika, wat formeel ook nog u belydenis is. Post-modernisme die verkleurmanneltjie. Hy laat hom nie inhok nie, en hy draai sy kleur en sy mantel dat hy byna-byna onherkenbaar insmelt. Ek verveel u nie met 'n definisie nie, maar ek wil die belydenis van die post-

modernis na vore stoot en my eie gereformeerde belydenis daarteenoor stel in Afrika.

Daar is een ding waarvoor die post-modernis banger is as vir die dood. Dit is om 'n aanspraak op sekerheid te hê, veral nog as daardie sekerheid se wortel in die hemel is. Jy brand jou vingers en jy verbrand jou mond as jy te haastig verklaar, aldus die post-modernis, dat jy die waarheid ken. Daarom het die post-modernis net een geloofsbelydenis-artikel: ek glo dat ek moet twyfel. Die post-modernis kyk nie meer op na die hemel toe nie, want wie sê wie is waar(?). Nee, die post-modernis hou moedig sy asem op en glo dat sy gedurige twyfel vir hom 'n bietjie sekerheid op aarde sal bring. Die post-moderne verkleurmannetjie het ook in die kerk 'n groen tak kom soek. Hulle oë is nie op die hemel gerig nie, en tog klink hulle kerklike stemme op tot by die troon van God waar Hy moet aanhoor hoe hulle in die studeerkamer en op die kansel die mense leer vra: hoe sê, hoe sê u nou weer?

Zarathustra was mal, maar eerlik. Hy het geweet dat hy, om te kan sê dat God dood is, die openbaring van God moet vervang<sup>1</sup>. Hy het nie daarvoor getwyfel nie. Hy was geen post-modernis nie. Die kerklike post-modernis is net so mal, maar oneerlik. Oneerlik oor die openbaring van God en die aanspraak wat God in sy Woord op die mens maak. Hy dink hy kan hom hardhorend hou voor God. Hy dink hy kan God se openbaring in die Bybel vervang en verdraai, en nog steeds bly sê: Ek weet my Verlosser leef! Dit is nie moontlik nie; nie in die hemel nie en ook nie op die aarde nie.

Ons kan ons gehoorsaamheid aan die openbaring van God op een enkele punt toets: kerklike eenheid. Die post-modernis baljaar in die kerklike verskeidenheid. Hy is vir God, maar baie keer teen die kerk. Hy vind dit totaal onnodig om oor kerklike eenheid te praat, want dit sou fasisties wees om te beweer dat daar so-iets soos 'n ware kerk is, 'n kerk waar die waarheid geken en bely word.

In my studie oor die Nederlandse teoloog Klaas Schilder het dit my getref dat openbaringsbegrip die ekklesiologie (leerstuk oor die kerk) bepaal, en dat enige gesprek oor kerklike ekumene, sonder die vraag na die ware kerk, vrugtelos en verbondsoneerlik is. Ons ken die pluriformiteit (veelvormigheid) van die kerk van Kuyper se dae af. Hy begrond dit in die natuur. Maar Kuyper het tog die gesag van die Woord probeer handhaaf. Sy bedoeling met sy pluriformiteitskema was om vir die gereformeerdes ook 'n kerklike staanplek uit te kap.

Ons sit nog steeds met pluriformiteit van die kerk. Trouens, in Suid-Afrika is hierdie saak nog nooit werklik reguit aangespreek nie. Ek het dus begrip daarvoor dat die pleitstukke van Schilder teen die pluriformiteit van die kerk in Afrika nie goed verwerk word in die teologiese spysverteringstelsel nie.

Intussen word die kerk van twee kante af opgevrete. Aan die een kant knaag die post-modernisme in al sy sekulêre menseregte gestaltes innerlik aan die fondament van die kerk, en gee die kerk homself al hoe meer oor aan die subjektivisme wat net een eindpunt het, naamlik die mistiek. Aan die ander kant is die oer ubuntu ongeloof besig om die leefwêreld buite die kerkgebou haas ondraaglik te maak vir

die kerk.

Ons ken, soos gesê, die pluriformiteit van die kerk al lankal. Die TKK is 'n buite-egtelike kind van daardie teorie. Tussenkerklike-kommissie. My belydenis sê dat die band tussen kerke kerkverband is. Tussen kerklike kommissie soos ons dit vandag in praktyk stel, is soos om te vra: hoe groet ek my geskeide vrou vriendelik? Dit is 'n bloot oppervlakkige raakpunt ter wille daarvan om nie ongeskik oor te kom nie. Maar van die werklike vraag na eenheid, as verbondsverpligting is daar geen sprake nie.

Ons wat sê dat ons salig is, bely dat daar maar een Here is (Efesiërs 4). Waar is dan ons eendragtige gehoorsaamheid aan daardie een Here? Laat ek dit prontuit sê. God wil dat ons saam nagmaal vier soos Hy dit beveel het. Julle glo dat God een is, sê Jakobus. Die duiwels glo dit ook, en hulle sidder - want jy kry nie 'n post-moderne demoon nie. As die tussen kerklike kommissie - op plaaslike en nasionale vlak - net praat oor moontlike verskille en ooreenkomste, sonder om oor verbondsverbreking te praat (ook aangaande die openbaring van God oor kerklike eenheid), is dit om gruwelike ongehoorsaamheid in die aangesig van die Here in stand te hou; en nog steeds seëning van God daaroor te verwag.

Maar God handhaaf sy verbond tot in die hel. Nooit, nooit is sy verbondsbeloftes lighartig uitgespreek nie. Nooit is sy verbondsbeloftes sonder verbondseise nie. Dit is ons verpligting voor die enige God, op grond van die feit dat ons gedoop is, en op grond van die belydenis wat ons met mekaar deel, om met mekaar in een kerkverband te wees. Enigiets minder as dit is 'n sonde voor God. Kerkverband is nie 'n menslike afspraak nie. Kerkverband is 'n gawe en 'n opgawe van God. Het Christus dan net sy bloed vir individuele siele gegee? Of het Hy sy bloed ook vir die kerkverband gestort? Dieselfde heilige geloof wat in jou is, is in my. Want kyk, jy het dit neergeskryf in die drie Formuliere van eenheid; ek ook. Dieselfde Heilige Gees wat in jou is, is ook in my. Hy oortuig my van my eie saligheid. Maar wie is jy en ek om God se boodskap, om sy verbond te verskraal tot 'n blote saligheidskwessie? Die ware kerk gaan oor gehoorsaamheid.

Ek deel twee anekdotes met u. 'n Paar jaar gelede het ek die sogenaamde kruiskerk in Jerusalem besoek. Die gids daar vertel dat die verskillende kerke op 'n keer so gestry het oor wie die sleutel van die kerkgebou mag hê, dat hulle naderhand besluit het om 'n Moslemgesin te vra om elke môre te kom oopsluit. Tragies. As God een is, waarom is ons dan nie een nie? Waarom moet ons vernederd voor die wêreld staan vanweë ons selfopgelegde kerklike verdeeldheid?

Tydens die tweede gebeure was ek kapelaan in die weer-mag. 'n Roomse Katolieke priester groet my een môre en vra: 'How are you my brother?' Ek groet terug, maar sê: 'Either you are lying, or you are not a good catholic'. Rome glo dat daar buite Rome geen saligheid is nie. Rome sê dat die reformasie net kerklike versplintering gebring het. Deels is dit waar, omdat ons onself die luuksheid gun om die een

<sup>1</sup> Vgl. Stumpf, SE 1966. Socrates to Satre. A history of philosophy. McGraw-Hill Book Company: New York. p. 378.

God, wat kerklike eenheid van ons beveel, se verbond te verontagsaam.

Daar is natuurlik baie slim argumente teen hierdie kerklike eenheidsoproep. Ons kyk na 'n paar argumente waarom kerklike eenheid nie sigbaar hoef te vergestalt nie.

Daar word beweer dat dit die belangrikste is om in Jesus Christus te glo. Kerklike eenheid is bloot 'n menslike afspraak. Buitendien het ons 'n dieper geestelike eenheid vanweë die feit dat ons die mistieke liggaam van Christus is.

- As gereformeerde bely ek dat die kerk waarvan daar in artikel 27-30 NGB gepraat word een en dieselfde as die sigbare kerk is. Ek bely dat dieselfde Christus wat my gered het, my ook beveel: as jy My liefhet, sal jy my bevel gehoorzaam. Dit is Hy wat vir ons gebid het: Vader laat hulle een wees, soos Ons een is. Ek vra u dan, my tussen-kerklike-broeders: as ons Saligmaker bid dat ons een moet wees, so innig soos Hy met sy en ons Vader is, wie is ons dat ons daardie eenheid mag verskraal tot 'n bloot mistieke eenheid in die Gees? Stroom die werk wat die TKK in hierdie stad doen met die eenheidsgebed van Christus? Of werk ons aktief teen sy gebed, omdat ons wag op die roering van die engel van die interkerklike waters?
- Wie is ons om die belydenis soos 'n viool te speel, dan op die quia snaar dan op die quatenus<sup>2</sup> snaar?

Barth het besondere waardering gehad vir die belydenis as kerklike historiese dokument, waarin die werking van die Heilige Gees met ander nagegaan kan word. Maar dit is nie wat die gereformeerde belydenis is nie. Die belydenis is 'n opsomming van die waarheid van die Woord van God. Maar as Zarathustra jou al verlei het om die openbaring te vervang, dan is dit maklik om post-modern relasioneel ook 'n franchise waarheid op die markplein te hê. Dan is jou produk net beter of slegter, maar nie die enigste ware kerk nie. Die nie-handhawing van die gereformeerde belydenis - ook hier in die TKK rondom kerkeenheid - is 'n Barthiaanse simptoom van die nie-handhawing van Skrifgesag.

Daar lê die kern van die saak. Daarom sê ek die sogenaamde nuwe reformasie is niks anders nie as 'n ou heidense vervorming. Daarom sê ek vanuit my belydenis dat wie ontken dat Jesus Christus in die vlees gekom het, 'n anti-chris is en tot bekering opgeroep moet word. As jy glo dat jy moet twyfel, en as jy jou geloofs-aseem lank genoeg probeer ophou, dan loop jy die gevaar om Jesus Christus as Verlosser nie te sien nie, want God handhaaf sy verbond tot in die hel.

Broeder, as jy aan Christus behoort, en as ek aan Christus behoort, en ons dit boonop openlik in die belydenis verklaar het, dan hoort ons bymekaar. As ons dit nie doen nie, dan rand ons die Skrif aan. Dan oortree ons die negende gebod. En onthou tog dat die satan die vader van die leuen is.

- Daar is 'n argument wat sê dit is verskriklik hoogmoedig dat iemand ooit kan beweer dat hy die waarheid ken. Pilatus het al sooibrand van daardie kort vraag gekry:

wat is waarheid? En dit terwyl die Waarheid in Persoon voor hom staan.

As gereformeerde antwoord ek die post-moderniste met hulle gemaakte nederigheid helder en duidelik. Kom laat ons bietjie notas vergelyk. Wie is die ware hoogmoedige? Die geopenbaarde ding is vir die mens en die verborge ding is vir God (Deuteronomium 29:29). Het God dan niks gesê oor kerkeenheid nie, is dit verborge by God? Is dit 'n boek wat nog oopgemaak moet word by die wederkoms?

Die een wat die openbaring minag, die een wat maak asof die Skrif net oor saligheid gaan en nie ook oor verbondgehoorsaamheid nie, die een wat die openbaring verskraal, hy is die ware hoogmoedige. Dit kos moed om jou doof te hou voor God. Maar ek sê vir die post-modernis: Praat maar so sag soos jy wil, ek volg jou nie, want jy stap op jou dood af. Geloof sonder werke is sonder meer dood. Ja, want dit kos inderdaad hoë moed, arrogante eiewaan, om voor God te staan, en in sy gesig sy bevel oor kerklike eenheid te verontagsaam, en dit nogal as herders en leraars. Die gereformeerde belydenis wat ek so vurig liefhet, en as die waarheid verdedig teenoor die post-moderniste en voor u, is nie uit hoogmoed geskryf nie. Om te erken dat God met jou praat, om Zarathustra te antwoord is geen hoogmoed nie: dit is nederige afhanklikheid van elke Woord wat uit God se mond uitgaan.

Daar is 'n argument wat sê dat kerkeenheid nie oor die wese van die kerk gaan nie, maar net oor die wel-wese, oor die welsyn, oor die welstand van die kerk. Is dit wat Christus sê? As gereformeerde herinner ek my dat Hy wat gesê het gaan heen en maak dissipels van alle nasies, ook in dieselfde asem gesê het: en leer hulle om alles te onderhou wat ek vir julle beveel het. As jy net siele op die sendingveld wen, dan het jy God se oproepinstruksies net mooi in die helfte geknip. As die heiden nou tot geloof kom, wat moet hy alles doen uit liefde en dankbaarheid omdat hy salig is? Moet hy dan nie ook die kerklike eenheid opsoek en bewaar nie? Ja, en ek bedoel sigbare strukturele eenheid. Lees in Hebreërs 6 wat God sê oor die eerste ding wat gepreek moet word. Ons moet ons eie doen en late, veral dit wat ons nalaat, in die Woord spieël.

Ons het 12 artikels in die apostolicum. Daar is 'n argument wat sê dat 'n mens die deel waar ons bely 'ek glo aan 'n heilige algemene christelike kerk' vanuit die praktyk moet benader en nie vanuit die geloof wat hoop op die ding wat ons nie sien nie. Waarom? Waarom maak ons daar 'n uitsondering? Ons geloof oor Christus, oor die Vader, oor die opstanding, al elf die ander artikels is gekonstrueer uit die geloof op grond van die openbaring. Waarom sal ons nou ons belydenis op hierdie punt uit die praktyk inkleur en die openbaringslig eenkant laat lê?

As gereformeerde bely ek: ook wat ek oor die kerk glo (HK

<sup>2</sup> Quia (omdat) en quatenus (in soverre) het te doen met die verhouding tussen die Skrif en die belydenis. Ons aanvaar die belydenis omdat (quia) dit met Gods Woord ooreenkom, nie in soverre (quatenus) dit daarmee ooreenkom nie. Laasgenoemde impliseer dat sekere dele van die belydenis nie met Gods Woord ooreenkom nie.

Sondag 21), kom net so uit die Woord uit. Christus maak sy eie kerk bymekaar. Hou Christus ons uit mekaar of hou ons onself uitmekaar?

Broeders, ons wat soveel waarde aan die elf artikels van die apostolicum heg, wie het ons verstrooi?

As Zarathustra met sy menslike lantern-liggie by jou kom en vra: Het jy God leer ken? En hy stap verder en hy vra 'n ander een: En jy, het jy God leer ken? En jy en ek sê albei: ja, God self het met my in sy Woord gepraat, kyk ek het dit selfs op papier neergeskryf om te deel met almal wat ook salig is en gehoorsaam wil wees, dan sal selfs die mal Zarathustra vir jou en vir my vra: waarom staan julle dan so ver van mekaar af? Waarom is julle nie een nie? Het julle dan ook elkeen julle eie lig in die hand soos Nietzsche vir my hierdie lampie gegee het?

Veel meer as Zarathustra is hier. Jesus Christus is deur sy Woord en Gees hier teenwoordig. Laat ons tot bekering kom oor ons elkeen se aandeel om die liggaam van Christus sigbaar aan flarde te wil skeur.

Laat ons nie dink die Tussen Kerklike Kommissie is 'n goeie ding nie. Veral nie solank ons dit gebruik om ons sonde van verskeurdheid voor God instand te hou nie; en dit terwyl ons een en dieselfde belydenis het.

Ek wil saam met u nagmaal gebruik, nie demonstratief

eenmalig nie. Ek is met dieselfde doop as u gedoop. Dit is een en dieselfde verbond. God eis gehoorsaamheid aan sy verbond, aan sy Woord. Ek wil nie deel in post-moderne aanranding van die Skrif as dit by jou voorkom nie.

As jy God se openbaring vervang met jou eie liggie, as jy post-modernisties gemaak-nederig relasioneel met God se geopenbaarde waarheid ook oor kerkeenheid wil omgaan, dan loop jy die gevaar om die kern van die christendom verlaat. So moenie post-modernisme in Afrika, in Afrikaans, met kerklike taal aan my probeer smous nie. Volgens die Woord verskil post-modernisme se DNA niks van Zarathustra s'n nie. Die openbaring is vervang. Ek as gereformeerde het nie God se openbaring in sy Woord vergeet of weggegee nie. God is nie dood nie. Die Here lewe. Hy het dit self gesê deur sy Woord en Gees. Ek het dit neergeskryf. Ek handhaaf daardie belydenis vandag teenoor vriend en vyand.

My medebroeders in die verstrooiing. Die oordeel begin by die huis van God. God wil dat die saliges in hierdie stad een kerk moet wees. Jy is 'n herder, jy is 'n leraar, soos ek. Dit kom u en my nie toe om God op hierdie punt hier in Afrika teen te staan nie, want God handhaaf sy verbond tot in die hel. As die Here jou Here is, en jy weet dit op grond van die Woord, gehoorsaam Hom oor sy eie kerk se eenheid, op grond van daardie selfde Woord. Enigiets anders is ongehoorsaamheid.

## FOKUS

# Psalm 106 vermink

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Elkeen wat die nuwe omdigting van Psalm 106 met die Bybelse Psalm vergelyk, sal moet sê: Hier is 'n groot fout! Die Bybel het 'n lang psalm met 48 verse wat in die Totiusberyming 20 strofes met ses reëls elk beslaan (dus tesame 120 reëls). Die nuwe omdigting het slegs sewe strofes van ses reëls elk (tesame 42 reëls).

Die verskil in volume is radikaal. Die digter Totius vertolk die Bybelse Psalm 106 in 120 reëls; die digter Cloete vertolk dit in 42 reëls - driemaal so kort. Hoe is dit moontlik? Het Totius dinge by die Bybel bygevoeg of het Cloete meer as die helfte van die psalm weggelaat? Ons is bevrees die laaste het gebeur.

Alleen 'n vergelykende studie tussen die inhoud van Psalm 106 in die Bybel en dié van die omdigting, kan die antwoord gee.

## Weglating van Bybelse persone en plekke

Verskeie persone word in Psalm 106 genoem. Elkeen roep sy eie heilshistoriese betekenis in die Bybelse geskiedenis op: Moses (2 keer), Aäron, Datan, Abiram, Gam, Baäl-Peor en Pinehas.

Waarneming: In die 2001-omdigting vind ons nie een van hierdie persone met hulle historiese plasing nie!

Die volgende plekname kom in Psalm 106 voor: Egipte,

die Skelfsee (3 keer), Horeb, Meriba en Kanaän (elkeen met hulle gebeurtenisse).

Waarneming: Die digter van 2001 het nie een enkele van hierdie name met hulle historiese plasing in sy omdigting genoem nie!

Die gevolge van so 'n buitensporige weglating van al die persone en plekke met die heilsgeskiedenis, is rampspoedig.

## Die feite van die heilsgeskiedenis in Psalm 106

- Vers 7: 'Ons vaders in Egipte het nie ag gegee op u wonders nie ... maar was wederstrewig by die see, by die Skelfsee'. Hier word die volk as verbondsbrekers ontmasker. Die wonders (die plaë) van Egipte volgens Exodus 7 tot 11, was juis die tekens van God se verbondstrou dat Hy hulle verlos. Ons lees dit in Exodus 2:24 - 'God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob'.

In die nuwe omdigting lees ons hiervan nie 'n woord nie!

Totius berym dit soos volg in vers drie (vier reëls):

U hand was oor hul hoog gehewe in wonderdaad en gunsbetoon; maar hul't daarop geen ag gegewe en by die Skelfsee U gehoon.

- Vers 16-17: 'En hulle was in die laer afgunstig op Moses, op Aäron, die heilige van die HERE. Die aarde het oopgegaan ...'. Hier word die skokkende rewolusie van Datan, Korag en Abiram en die HERE se straf met die oopskeuring van die aarde volgens Numeri 16 in die psalm na vore gebring.

Die nuwe omdigting het hierdie geïnspireerde Skrifgedeeltes heeltemal verswyg.

Totius berym dit soos volg in vers sewe (vier reëls):

Teen Moses was daar afguns, nyd, teen Aron, om sy heiligheid. Die aarde wat toe oopgegaan het, het gou die muierskaar verswelg.

- Vers 23: 'Toe het Hy (die HERE) gesê dat Hy hulle sou verdelg, as Moses, sy uitverkorene, nie voor sy aangesig in die bres gaan staan het om sy grimmigheid af te keer, dat Hy nie sou vernietig nie'.

Hier het ons die grootste vergryping aan die gesag van die Skrif deur die nuwe omdigting. Die Ou Testamentiese profesie van Christus se Middelaarswerk is uitgelaat - Hy wat vir ons op Golgota 'in die bres' getree het. Want kyk, as Moses as middelaar tussen die HERE en sy volk - as 'n profesie van die Middelaar Jesus Christus - uitgelaat word, dan het Psalm 106 ook geen betekenis nie. Wanneer dit volgens die nuwe omdigting as 'n 'psalm' in die kerk gesing word, word Jesus Christus al singende verloën.

Totius se beryming van hierdie Skrifgedeelte lui soos volg in vers nege (ses reëls):

"Weg met dié volk!" het God gespreek. "Vir goed wil Ek hul opstand breek." Maar Moses, held deur God verkore, het in die bres vir hul gaan staan, dat hul, so diep in skuld verlore, nie deur Gods toorn sou ondergaan.

Van hierdie Messiaanse belofte (die middelaar wat vir die volk in die bres tree) uit die heilsgeskiedenis is daar in die psalmomdigting van 2001 niks! Ons moes dit verwag het, want die digter het reeds op 4 November 2001 in die Sondagkoerant Rapport vertel van die "Messiaanse verwysings wat hy uit die psalms verwyder het" (p 25).

By hierdie punt het ons besef: Met Psalm 106 sal ons nie

klaarkry nie. Nie in één artikel nie. Die lesers moet nou self verder gaan om dit aan die Heilige Skrif (die 1933/'53 en ander woord-vir-woordvertalings) te toets. Kyk goed wat gebeur het met vers 28 (afgodery met Baäl-Peor in Numeri 25), vers 30 (Pinehas in Numeri 25), vers 32 (die waters van Meriba in Numeri 20), vers 33 (oor die opstand teen die Heilige Gees), vers 37 (oor die offers van kinders aan die duiwels in Jesaja 57:5) en vers 38 (oor die bloed van kinders wat aan die afgode van Kanaän geoffer is in die lig van Numeri 35:33).

Van al hierdie dinge en nog meer lees of sing ons nie 'n woord in die 2001-omdigting van Psalm 106 nie.

## Verwerping van artikel 69 van die Kerkorde

As 'n mens die psalms volgens die nuwe 2001-omdigting een vir een deurgaan (die skrywer doen dit), kom ons gou agter: Psalm 106 is slegs één voorbeeld wat met 'n hele bundel van 150 psalms gebeur het. In kort: dit is 'n roekelose minagting van die gesag van die Heilige Skrif. Die inhoud van die psalms is versnipper; groot gedeeltes van die kernwaarhede is weggegooi en die 'sleutel van die kennis' (Christus, volgens Lukas 11:52) is verwyder! Oor so 'n soort eksegeese sonder Jesus Christus, het Hyself sy "wee julle" uitgeroep.

Dit is dan meer as verstommend dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die sinode van 2003 die gebruik van die 2001-omdigting in die eredienste aanbeveel het (Acta 2003:581). Daarmee het hierdie sinode ook 'n streep deur artikel 69 van die GKSA se Kerkorde getrek. Artikel 69 bepaal dat die 150 Psalms en sekere Skrifberymings in die eredienste gesing moet word.

Die 150 psalms van die "Liedboek van die Kerk" is geen Skrifberymings (uit die volledige grondteks) nie. Dit is vrye liedere na aanleiding van die 150 psalms. Die woord "omdigting" vertel die hele verhaal van die digter se vryheid - vry om groot gedeeltes van die Bybel te verwyder. Met een enkele besluit het die sinode van 2003 dit ook gedoen. Ons eredienste word van die Skrifwaarhede (onder andere die Christusprofesieë) in die psalms al singende beroof.

Die gevolge van so 'n toestand in ons eredienste roep 'n aangrypende waarskuwing vir die kerke op:

"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis (d.i. Christus, VE d'A) verwerp het, sal Ek jou verwerp..." (Hosea 4:6).

# 'n Rand per week vir die biblioteek

Daar word mild vir die biblioteek gegee. Tjeks kan geskryf word ten name van die Vereniging vir Gereformeerde Literatuur en aan die administrasie-adres van Waarheid en dwaling gestuur word. Vir wie regstreeks gifte in die rekening wil oorplaas, volg die gegewens hieronder.

Stigting vir Gereformeerde Literatuur  
ABSA Ben Swartstraat Tak  
Wonderboom-Suid, Pretoria  
Takkode: 334 645  
Rekening nommer: 9073 902 771.



# Kerkverband - gemeenskapsbeoefening, geen struktuurbou

Ds HLJ Momberg, Pretoria

Kerkverband is nie 'n liggaam, 'n struktuur of selfs die kerk as sulks nie, maar 'n aksie van gemeenskap wat ons in die eenheid van die Gees ywerig moet soek en beoefen.

## Ons gesprekke oor die algemeen

Ons praat dikwels oor vraagstukke wat met die kerkverband te doen het. Die woord kerkverband kom egter nêrens in die Bybel voor nie. Ander woorde wat in die omgangstaal ook hiervoor gebruik word, is denominasie, of mense praat oor jôu kerk en my kerk en bedoel daarmee 'n groot landelike struktuur bestaande uit individuele gemeentes met dieselfde logo, etos en kenmerke wat mekaar erken. Of daar word gepraat oor kerkgenootskap, soos goewerneys Jansen en De Mist dit in hulle ingevoerde Kerkwet aan die Kaap beskryf het. Of 'n mens praat oor verskillende kerkfamilies. As die een of ander instansie poog om op te tree ten behoeve van alle kerkgemeenskappe, stel hy homself bekend as interkerklik of as interdenominasioneel.

Buitestaanders neem sekere politieke of maatskaplike toestande waar en vra: Wat doen 'die Kerk'? Wanneer 'n lidmaat of gemeente nie presies dieselfde dinge doen as al die ander lidmate en gemeentes nie, dan sê ons dat so 'n lidmaat of gemeente kerkverband verbreek. En selfs verder: Wanneer so 'n lidmaat of gemeente dan sogenaamd met die kerkverband gebreek het, dan sê ons so iemand is buite die kerkverband. En dan gebeur dit ook dikwels dat mense aan so 'n persoon die sonde toeskrywe van kerkskeuring omdat so 'n persoon of gemeente se optrede, anders as die ander se optrede, blykbaar die kerkverband, die denominasie (lees as 'die Kerk') verbreek of geskeur het.

## 'n Diep gewortelde geskiedenis

Wat dit nou so interessant maak, is dat die denkstruktuur van sulke praterij alles nog op een of ander manier verwant is aan die Rooms-Katolieke denke wat tot en met die 16e eeu vir die tragiese deformasie van die kerk verantwoordelik was, en waaruit die Reformasie gebore is. NGB art 29 beklemtoon die gedrag van die valse kerk, veral die Roomse kerkverbandelike struktuur, soos die konsilies se uitsprake en die gevreesde inkwisisie.

Die Reformasie wou egter nie net van die immorele gedrag van die Roomse kerk ontslae raak nie, maar ook van die kerklike struktuur wat tot sulke tirannie aanleiding gegee het.

Om die reformasie end-uit in ons Bybelse denke deur te voer en te handhaaf, is egter nie so 'n maklike saak nie. Dit was waarskynlik een van die redes waarom Luther by geleentheid opgemerk het: In elke Gereformeerde hart leef daar 'n pous. Ons raak net nie so eenvoudig verlos van die Roomse denkwysie nie, omdat ons steeds 'n sondige natuur met sy sondige geneigdhede het waarteen ons nog elke dag moet stry.

Gedagtig aan die wyse waarop die ware kerk en die valse kerk volgens NGB art 29 onderskei word, blyk dit dat nie net die spesifieke optredes van die valse kerk verwerp moet word nie, maar ook die hele struktuur en kerklike konsep van waaruit die valse kerk haar optredes dryf. Uit die kenmerke van die ware kerk volgens NGB art 29 is dit opmerklik dat net aktiwiteite en kenmerke beskryf word wat 'n mens in 'n plaaslike gemeente vind.

Die gelowige word aangesê om die ware kerk te gaan soek, om daarby aan te sluit waar die lidmate ernstig daarna strew om in alles aan Christus gehoorsaam te wees. Die ware kerk is 'n sigbare kerk, dit is 'n plaaslike gemeente. Die Bybelse kerkbegrip wat ons as die kenmerke van die ware kerk in art 29 NGB bely, is nie die kerkverband as kerklike struktuur nie. Kerkverband is nie kerk nie. Die ware kerk gaan soek 'n mens dus ook nie in iets soos 'n kerkverband nie. Die ware kerk openbaar haarself in 'n plaaslike gemeente.

## Enkele Bybelse gegewens hieroor

Die Here het sy wil in verband met die kerk, oor haar lewe en oor haar handeling, geopenbaar deur wat Hyself gespreek en gedoen het, en wat Hy daarna in en deur die diens van sy dissipels/apostels geopenbaar het - soos wat dit met Goddelike gesag vir ons in die Heilige Skrif meegedeel word.

Dan laat Hy ons weet dat Hyself sy gemeente bou (Matteus 16:18). Hy ken sy skape (Johannes 10:14), Hy roep hulle by die naam (Johannes 10:3), 'een, een gebore uit die volkeskaar' (vergelyk Jesaja 43:1 vv). Deur hulle individueel by die naam te ken en te roep, lei Hy hulle uit en bring hulle saam tot één kudde (Johannes 10:18). Daarom is Hy ook bekend as die 'Opperherder' (1 Petrus 5:4; Hebreërs 13:20). Dit is nie maar net 'n figuurlike of metaforiese spreekwyse nie, maar juis daarin 'n hoogste werklikheid, 'n uitdrukking van die Here Jesus se aandag, sorg, beskerming vir en met sy hele Kerk gesamentlik en elke lidmaat afsonderlik deur al die eeue heen en elke oomblik (vergelyk HK Sondag 21). Hy het immers belowe: 'Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld' (Matteus 28:20). Dit het Jesus nie maar net vir sy elf dissipels bedoel nie, want hulle sou nie tot die oordeelsdag lewe nie. Maar in hulle het Hy tot die hele kerk en al die lidmate van al die eeue gespreek wat deur hulle woord tot geloof sou kom (Johannes 17).

So gehoor is dit aangrypend om te besef dat die Here Jesus in die besondere sin van die woord by sy kerk aanwesig is, oral en op alle plekke waar dit vergader word, en dus by

elke vergadering van die ampsdraers van sy gemeente waar die sorg van sy gemeente deur hulle diens behartig word. Hy het ook belowe dat waar twee of drie in sy Naam vergader, daar is Hy in hulle midde (Matteus 18:20). Hy het aan Johannes verskyn en ook in sy visioen aan hom getoon dat Hy teenwoordig is en opmerkzaam wandel tussen die sewe goue kandelare (Openbaring 1:13; 2:1).

Jesus Christus, die Here van die kerk, dra eerstehandse kennis van:

- Sy hele universele kerk (Hy beweeg tussen almal deur);
- elke gemeente (Hy sien elkeen waartussen Hy beweeg individueel aan soos blyk uit die sewe briewe, aan elkeen respektiewelik);
- elke enkele lid van die kerk (Hy verskyn aan Johannes, en noem in die briewe die name van verskeie individue).

Van elkeen van die sewe gemeentes sê Hy telkens dat Hy hulle werke ken, hulle armoede, hulle moeities, hulle volharding, hulle sonde, hulle lief en leed (Openbaring 2:9, 13, 19 ea).

Die Here gebruik ter wille van die opbouing en versorging van sy gemeente ook mense en allerlei instrumente en organe. Hy het vir sy dissipels beveel om heen te gaan en te preek (Matteus 10). 'Net soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook' (Johannes 20:21). 'Wie na julle luister, luister na My' (Lukas 10: 16).

Maar al het hierdie instrumente ook opgetree, het hulle nooit die Here Jesus self vervang nie. Dit was nooit so dat hulle nou sy eintlike werk sou oorneem, terwyl Hyself terugstaan en niks meer doen nie. Nee, Hy werk self aktief en intensief in en deur hulle dienswerk. Ook werk Hy nog sonder bemiddeling, regstreeks. Ons lees dat Paulus plant, Apollos natmaak, maar dit is God wat laat groei en wasdom gee (1 Korintiërs 3:6).

Verder het die Here geopenbaar dat sy kerk 'n geestelike eenheid is. Daarom noem Hy dikwels sy kerk 'sy volk'. Hy noem haar sy gemeente (Matteus 16:18) en Hy bedoel om sy kerk te vergader tot één kudde (Johannes 10:16). Sy word voorgestel as die 'huis van God' (1 Timoteus 2:15), God se 'tempel' (1 Korintiërs 3:16), die 'liggaam' (enkelvoud) van die Here (Kolossense 1:24).

Almal wat so deur die Vader aan die Seun gegee is, en wat deur Hom vrygekoop is, vorm 'n groot geestelike eenheid soos 'n menslike liggaam, waarvan al die gelowiges soos lede van die liggaam is (Romeine 12: 5). Lidmate is ledemate wat elkeen besondere gawes en roepinge het (Romeine 12:6, 1 Korintiërs 12:4–27), maar hulle hoort almal bymekaar soos een organiese eenheid, in harmonieuse samelewing met Christus as Hoof (Efesiërs 1:22–23; 4:16).

So vorm al die plaaslike kerke reg oor die hele aarde 'n innerlike geestelike eenheid (Efesiërs 4:4–5). In hierdie sin gaan die geheel van alle kerke ook aan die totstandkoming van een plaaslike kerk vooraf. Die diepste eenheid van die onoorsienbare kerk van gelowiges oor alle eeue en alle plekke is geleë in die uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld (Efesiërs 1:3 ev). Die één onoorsienbare universele kerk van die Here bestaan eerste en primêr,

voordat dit sigbaar plaaslik instutêr gestalte verkry, hier en daar op verskillende plekke.

Meestal kom die kerk ook eers plaaslik tot stand nadat dit deur die arbeid van 'n ander plaaslike gemeente wat reeds sigbaar gestalte gekry het, in en deur die bedienaars van die Woord, saamgeroep en vergader word. Paulus en Barnabas gaan op die aanwysing van die Gees uit van Antiogië in Sirië na Sypus en Klein Asië, en Paulus ook later na Europa, met die doel om oral die evangelie te preek, dissipels te maak en kerke te stig (Handelinge 13, kyk ook Handelinge 11 en Titus 1).

Maar dit wil nie sê dat ons die afsonderlik gestigte gemeentes moet beskou as almal klein onderdeeljies van die groter geheel nie. Of ook nie asof die later gestigte gemeentes onder een of ander ondergeskikte gesag van die reeds bestaande gemeentes gestaan het nie.

Want hoewel daar sekerlik één geheel tussen die kerke aangedui word in Handelinge 9:31 met die aanwysing dat die gemeente (enkelvoud volgens die beste lesings) deur die hele Judea, Galilea en Samaria vrede gehad het, sien ons nog nie daaruit dat daar enige institutêre band tussen hulle bestaan het nie. Dit was maar die gemeenskaplike faktor van die apostel/s waaraan hulle onderworpe was; verder het hulle gewoonweg naas mekaar bestaan. Die gemeente van Filippi het niks oor Thessalonika of Korinthe te sê gehad nie.

Die apostel het sy brief aan die Galasiërs geskryf, weliswaar nie aan die gemeente (enkelvoud) van Galasië nie, maar aan die gemeentes (meervoud) in die provinsie Galasië (Galasiërs 1:2). In Openbaring 1:12 sien Johannes nie één goue kandelare nie, maar sewe kandelare wat los van mekaar op hulle eie staan en brand, waartussen die Here deurloop.

Die punt om tuis te bring is dat die eenheid van die Here se kerk oor die hele aarde 'n geestelike eenheid is, nie struktureel-institutêr nie. Die Here het vir sy kerk op aarde nie streeks, provinsiale, nasionale of ekumeniese ampsdraers gegee nie. Maar Hy het vir haar voortgaande bestaan alleen plaaslike ampsdraers as ouderlinge en diakens, herders en leraars gegee.

Die kerk is dan wel 'n geestelike eenheid, maar nie met strukturele geografiese onderafdelings of takke nie. Dit is plaaslike kerke wat deur hulle gemeenskaplike geloofseenheid in Christus geestelik een is, maar wat deur hulle plaaslike sigbare bestaan en regte funksionering almal onafhanklik en selfstandig van mekaar bestaan, en ook ampsdraers het wat alleen in hul eie gemeentes take het, sodat die een gemeente geen seggenskap oor die ander het nie.

En tog, al bestaan en funksioneer elke gemeente selfstandig op hulle onderskeie plekke, verstrooid oor die hele aarde soos 'n koninklike priesterdom wat uitgeroep is om Christus se deugde te verkondig, en al is dit ook so dat die een geen seggenskap of heerskappy oor die ander het nie, is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat 'n plaaslike gemeente nie die enigste plaaslike gemeente van Christus is nie, en dat dieselfde geloofsgehoorsaamheid by almal aanwesig moet wees, omdat hulle almal op dieselfde manier aan Christus behoort.

Daar is sake van gemeenskaplike aard, waar nou in geloofsgehoorsaamheid en by afwesigheid van die apostels, ander meganismes gebruik moet word om die goeie onderlinge orde te reël in sake wat voorkom. So 'n tipiese geval het hom in die vroeë Christelike kerke voorgedoen met die vraag of die heidene wat tot bekering kom, ook besny moet word. Vir doeleindes van die uniforme bediening in die kerke van Christus, is toe afgevaardigdes van verskillende gemeentes na Jerusalem gestuur om daar saam met die kerkraad van Jerusalem te vergader (Handelinge 15).

'n Hulpmiddel om goeie gemeenskaplike orde in die plaaslike gemeentes te handhaaf was dus dat die plaaslike kerke met mekaar afgespreek het om saam uit die Woord te soek en te besluit hoe die regte geloofsgehoorsaamheid in die besondere sake daar behoort uit te sien.

Die uitroep van sogenaamde meerdere vergaderings was nie aanvanklik deel van die totstandkoming of voortbestaan van die kerke nie, en kerke is ook nie afhanklik van die uitroep van meerdere vergaderings nie. Die nut en doel van die meerdere vergadering is egter besonders daarin dat meerdere plaaslike kerke mekaar hierdeur bystaan om op 'n goeie manier as kerke voort te bestaan. Hieruit is dan ook die bekende stelling gebore dat kerkverband en meerdere vergaderings nie nodig is vir die wese, die bestaan van die kerke nie, maar wel nodig vir die welwese, die goeie voortbestaan van die kerke.

Hieruit vloei dan ook voort dat die Gereformeerde kerkbegrip nie 'n sinodale kerkbegrip, 'n denominasionele kerkbegrip is nie, maar presbiteriaal, wat van die plaaslike kerk as die enigste voortgaande en permanente organisme, as sigbare gestalte van die onoorsienbare en universele kerk van die Here Jesus Christus uitgaan. En kerkverband in presbiteriale sin is nie 'n vaste institutêre struktuur nie, maar slegs 'n onderlinge hulpaksie, 'n kommunikasiefunksie en 'n reeks afsprake tussen plaaslike kerke.

Hierdie afsprake in onderlinge verbondenheid is vir gelowiges uiters belangrik. Dit is immers ondenkbaar dat 'n gelowige in wie Christus deur sy Gees werk, nie in erkentlikheid sal wil saamwerk met 'n ander gelowige in wie Christus ook deur sy Gees werk nie. Soos wat dit tussen gelowiges individueel geld, so geld dit ook tussen ware kerke van Christus. Daarom ook dat ons die oproep van Paulus nougeset moet gehoorsaam waar hy skryf: 'Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewende om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede' (Efesiërs 4:1-3).

Uit bogenoemde volg dat dit baie problematies is om in presbiteriale terme te praat van 'kerkskeuring' of 'verbreking van kerkverband' of 'afstigting', as daarmee bedoel word om iets van die kerkverband te sê. Sulke uitdrukkings pas hoegenaamd nie in die presbiteriale kerkbegrip en kerkverband nie. Dit is slegs in 'n sinodale kerkbegrip dat van verbreking van kerkverband en kerkskeuring gedink en geredeneer kan word.

In die Bybelse konteks van kerkverband kan alleenlik gepraat word van die skending van gemene akkoord, die verbreking

van afspraak, die opskorting van korrespondensie of iets dergeliks. Juis dan is dit die regte verstaan van verbreking van kerkverband soos Jesus dit in Johannes 15 beskrywe, naamlik wanneer mens homself of andere van die Woord van Christus distansieer of beroof en gevolglik van Christus amputeer.

## 'n Paar praktiese implikasies

'n Mens skeur jousef af van Christus en die wat aan Hom behoort deur eie gebruike of idees in te voer wat God in sy Woord nie beveel het nie, of om weg te vat en te verhinder wat Hy wel beveel het.

Dit is merkwaardig dat al ons belydenisgeskrifte asook die kerkorde oor die loop van die eeue as 'n gemene akkoord tussen plaaslike kerke tot stand gekom het, deurdadig afgevaardigdes van die kerke (dikwels te midde van uiteenlopende sienings) saamgekome het en die korrekte siening volgens die Woord daarvoor besin en besluit en op skrif gestel het.

Die standpunt wat Calvyn in sy Institusie (1559, 4.9-10) gestel het dat daar nie kerkverskeurend te werk gegaan moet word in sake van middelmatige belang nie, is al met aanhaling en akklamasie verdedig. Daar sal egter weer gekyk moet word hoe Calvyn die begrip kerkskeuring beskou voordat ons met ons sinodale kerkstruktuurkonsep in gedagte sy werke lees. Hierdie twee hoofstukke moet paragraaf vir paragraaf en selfs reël vir reël bestudeer word. Want Calvyn is daarin veel eerder besig om te verduidelik waarom gereformeerdes nie langer met die tirannieke Roomse dwingelandy kan saamgaan nie, as dat hy teen skismas oor middelmatige sake praat.

Trouens, onthou dat Calvyn in hierdie hoofstukke juis verduidelik hoedat gereformeerdes hul uiterste gedoen het om die Roomsers vas te hou. Bouwman (deel 2 hoofstuk 1) het bevind dat 'n kerklike organisasie onder die Gereformeerde kerke eers die lig gesien het nadat die Institusie klaar geskryf is. Calvyn het in Mei 1564 gesterf. In 1561 was daar 2 150 gemeentes in Frankryk op soek na 'n sinodale organisasie. In 1559 het die kerke in Parys byeengekom om naas hul selfstandigheid wat in die Discipline Ecclesiastique gereël is, ook te handel oor sinodale vergaderings waarin afgevaardigdes van plaaslike kerke saamkom om saam die welsyn van al die kerke te behartig. Op hierdie wyse kon independentisme voorkom en die eenheid van die kerke gehandhaaf word sonder om in 'n hiërargie te verval. Die ordening in klassen en andere is eers in 1572 deur die sinode van Nîmes gereël.

Artikel 31 KO lui dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. Kerke het ook met mekaar ooreengekom dat onderlinge afsprake voorwaardelik is. As 'n buurgemeente dinge doen wat ten aansien van die Woord tugwaardig is, is dit ons ordelike afspraak volgens artikel 31 KO dat erkenning en deelneming nie vas en nie bindend is nie, maar voorwaardelik, toegespits, vermanend, afkeurend volgens dieselfde praktiese stappe as wat die Here Jesus in Matteus 18 gestel het vir die optrede tussen broeders.

'n Kerk mag egter nooit die geringste aanleiding daartoe gee dat sy iets doen om die onderlinge band van die

eenheid van die Gees te versteur of te verskeur nie (Efesiërs 4:1–4). Omdat hierdie band deur die Here self aan ons gegee is, is dit onverhandelbaar kosbaar.

Dit neem egter nie weg dat as ander wel die band wat die Gees gegee het, deurbreek (Johannes 15), ons nie met

hulle mag saamgaan in die deurbreking van die band van die Gees nie. Ons hou die roeping om te vermaan en terug te roep. En wanneer hulle ons vervolg en uit die kerkverband uitsit, dan is ons geroepe om die kerk van Christus opnuut te vergader onder sy juk en om gehoorsaamheid aan Hom te soek.

REGTE

# DIE REG TOT SELFVERDEDIGING EN OORLOGVOERING

Dr AH van den Bout, Pretoria

Na aanleiding van die oorlog in Irak het daar 'n hele debat ontstaan oor die regmatigheid of onregmatigheid van die oorlog wat die Verenigde State van Amerika met Irak aangegaan het. Die vraag is selfs gestel of die oorlog ooit geregverdig kan word. In beginsel gaan dit dus daaroor of 'n individu of 'n volk homself mag verdedig as hy aangeval word. Is voorkomende optrede in daardie verband dan geoorloof? Hierdie artikel beoog geensins om volledig te wees nie, maar om as gelowiges oor hierdie vraagstuk te besin.

As 'n individu homself teen 'n aanvaller verdedig sal die reg beoordeel of dit regmatig of onregmatig geskied het. Onregmatigheid volgens die reg behels 'n tweeledige ondersoek, naamlik of daar 'n feitlike belange aantasting plaasgevind het en of dit normstrydig is.

Daar moet 'n onregmatige gevolg ontstaan het wat beoordeel moet word. Is die veroorsaking van die gevolg onredelik? Die selfverdedigingshandeling en die gevolg moet, wat ruimte en tyd betref, altyd geskei wees. Om 'n voorbeeld uit die versekeringsreg te gebruik, kan gevra word of 'n kind, wat met ernstige breinskade gebore word en wat tydens die motorvoertuigbotsing nog in ventre matris (in die moederskoot) was (Pinchim v Santam), 'n eis tot skadevergoeding het indien die motorvoertuigbotsing nalatig veroorsaak is.

Normstrydigheid van onregmatigheid gaan oor die regsopvatting van die gemeenskap, die sogenaamde boni mores. Die vraag hierby is of die selfverdedigingshandeling volgens die regsopvatting van die gemeenskap, al die omstandighede in ag geneem, redelik of onredelik was. Hier gaan dit dus oor 'n afweeg van belange na die handeling. Was die aanvaller se belange redelik of onredelik aangetas deur die selfverdediging? Daar word met 'n algemene redelikeheidsmaatstaf gemeet, soos die gemeenskap op daardie moment voel.

Enigiemand kan vrylik sy arms swaai, maar dit moet dan ophou waar die ander se neus begin. Redelikheid hang af van 'n groot aantal faktore, soos die aard en die omvang van die benadeling en die moontlike nut van die benadelende optrede.

Dit moet 'n objektiewe maatstaf wees soos die wetgewer en regter die regsgevoel weergee. Die subjektiewe faktore rondom die selfverdedigingshandeling is normaalweg nie relevant nie, soos byvoorbeeld wat die motief vir die daad was. Die regter mag in sy uitspraak nie sy persoonlike etiek laat seëvier nie, maar moet die reg weergee soos dit is. (Dit

laat die vraag ontstaan: kan 'n christen nog deesdae as 'n regter optree?)

## 'n Praktiese voorbeeld van die redelikeheidsmaatstaf

Op die oog af kan dit onregmatig lyk as iemand 'n ander 'n klap deur die gesig gee. Indien dit egter blyk dat die ander die selfverdediger wou beroof of onsedelik wou aanrand, dan is die klap redelik en regmatig om die verdediger se belange te beskerm. Die onregmatige ondersoek moet egter nie altyd plaas te vind nie. By bepaalde regsreëls en regsleesstukke is dit reeds prakties toegepas. Dit kan wel aanvullend of vir verfyning van die regsreëls aangewend word. Het daar byvoorbeeld 'n regsplig op die polisiemanne gerus om in die nag na die verlore kind te gaan soek?

## Regsverdedigingsgronde in 'n oënskynlike onregmatige optrede

Regverdigingsgronde vir 'n feitlike belange aantasting by selfverdediging is altyd al in 'n mate erken. Die belange aantasting word dan nie as onredelik of teen die boni mores (regsopvatting van die gemeenskap) beskou nie. Die oënskynlike onregmatige handeling was dus in werklikheid van die begin af regmatig. Die verdediger sal dit wel moet aantoon. Daar is 'n aantal regverdigingsgronde wat toegelig kan word, soos noodweer, noodtoestand, provokasie en toestemming.

## Noodweer as regverdigingsgrond

Noodweer is wanneer iemand homself verdedig teen 'n ander se onregmatige of dreigende onregmatige optrede met die doel om sy eie of 'n ander se belange te beskerm. Ek slaan byvoorbeeld iemand oor sy kop om te voorkom

dat hy 'n ander doodsteek. Selfverdediging is slegs een vorm van noodweer. My benadeling van die ander is geregverdig.

Wanneer ek egter net dink dat ek uit noodweer moet optree en dit nie werklik so is nie, dan het ek geen verskoning nie. Noodweer is altyd teenoor 'n menslike optrede wat my eie of 'n ander se belange wil benadeel. Wanneer jy egter toestemming gee vir die risiko van benadeling, soos by bepaalde sportsoorte, dan kan daar geen sprake van noodweer wees nie.

Die aanval moet begin het of dreigend wees, maar mag nie verby wees nie. Die afweerhandeling moet noodsaaklik wees om die aanval af te weer en teen die aanvaller self gerig wees. Waarom moet reg vir onreg wyk?

Daar moet natuurlik nie 'n oneweredigheid wees nie. Ek kan nie iemand skiet wat 'n blompot wil steel nie. Die belange hoef egter nie gelyksoortig te wees nie.

In die belangrike hofsaak van Van Wyk in 1967 is deur die Appèlhof besluit dat doodslag ter verdediging van goedere ongetwyfeld geoorloof is waar daar ook gevaar vir die liggaam of lewe van die bedreigde bestaan. Daar moet egter altyd gekyk word of die persoon die perke van noodweer oorskry het en of die stappe wat hy inderdaad gedoen het die enigste redelike moontlikheid was om die aanval af te weer. Van Wyk het naamlik 'n geweer in sy winkel gestel om sy goed teen die we, van wie hy groot las gehad het, te beskerm. 'n Skoot uit die geweer het 'n inbreker noodlottig getref en Van Wyk is van moord aangekla. Die meerderheid van die regters het beslis dat die stel van die geweer wel die enigste redelike moontlikheid was om sy goedere te beskerm en daar kon nie redelikerwys van Van Wyk verwag word om elke nag in sy winkel te slaap nie. Behalwe 'n waarskuwing op die winkel deur, was die stel van die geweer ook nie sodanig dat dit getuig het van 'n motief om dood te maak nie.

## Noodtoestand as regverdigingsgrond

Oormag kan partykeer veroorsaak dat iemand sy eie of 'n ander se belange slegs kan beveilig deur 'n redelike aantasting van die regsgoed van 'n ander. Ek mag byvoorbeeld 'n venster van my buurman se brandende huis stukkend breek om sy kind te red. Ek hoef dan nie die venster te betaal nie, want ek het dit met 'n geregverdigde rede gebreek. 'n Noodtoestand moet dan wel werklik bestaan en dit geld nie as ek net gedink het dat daar 'n noodtoestand was nie. Die nood moet aanwesig wees, of onmiddellik dreig en dit gaan dan nie net oor my eie belang nie, maar ook oor dié van 'n ander. Nie net die lewe of die liggaam nie, maar ook belange soos eiendomme kan deur noodtoestand optrede beveilig word.

Die vraag of 'n noodtoestand kan regverdig dat iemand doodgemaak word, is in 'n appèlhofsaak (die Goliath saak) in 1972 deur die meerderheid van regters bevestigend beantwoord. Elke mens beskou mos sy eie lewe as belangriker as die van 'n ander. Maar om iemand anders dood te maak moet die enigste redelike uitweg wees om die (eie) nood vry te spring.

## Provokasie as regverdigingsgrond

As ek met woorde of deur gedrag sodanig deur iemand uitgelok of uitgetart word dat ek skade veroorsaak, dan kan die ander nie later kom kla nie. As iemand in onbeheerste woede my vloek en ek daarop reageer deur die ander sleg te sê, dan kan ek provokasie as verweer opwerp. Provokasie is geen verweer by saakbeskadiging nie, maar wel by die aantasting van my eiergevoel, goeie naam en fisiese integriteit. Optrede vanweë provokasie is eintlik 'n weerwraakshandeling eers nadat die provokasie verby is en nie soos by noodweer nog aan die gang is nie. Dit is onmiddellike optrede wat wel redelik moet bly. Dit berus op die beginsel van kompensasie.

Slegs in uitsonderlike gevalle sal provokasie opgewerp kan word as 'n verweer, waar daar fisies geslaan word na beledigende of lasterlike taalgebruik. As die een egter die ander met liggaamlike geweld uitart, kan dit geregverdig wees om met geweld te antwoord. Die een moet natuurlik wel binne verhouding bly tot die ander.

## Toestemming as regverdigingsgrond

Die regsbeginnsel van *volenti non fit iniuria* is hier van toepassing. As ek toestemming gee om benadeel te word (soos by bepaalde sportsoorte) of vir die risiko om benadeel te word (toestemming by operasies) dan kan ek nie later kom kla dat die nadeel gerealiseer het nie. As ek wilsbevoeg is en weet wat ek doen, dan is daar sprake van 'n vrywillige aanvaarding van die risiko.

Ek moet wel self toestemming gegee het en dit hoef nie altyd uitdruklik te wees nie. Ek kan dit ook deur my gedrag stilswyend doen. As 'n vrou 'n man uitlok om haar te soen, dan kan sy nie later kla dat sy gesoen is nie. Berusting is egter geen toestemming nie.

Toestemming geld ook nie agteraf nie; dan is dit instemming. Om toestemming as 'n regsverdigingsgrond op te werp moet duidelik aangetoon word dat die risiko (van die aantasting) bekend was en dat dit wel oorwoë was en dat inderdaad toestemming gegee is.

Twee voorbeelde van toestemming toon voldoende aan waaroor dit gaan. As iemand tydens 'n muurbalwedstryd beseer word omdat die ander hom met die raket teen die kop slaan, kan daar geen eis vir skadevergoeding wees nie. So 'n besering kan gebeur en die beseerde het in feite toegestem tot die risiko dat hy beseer kan word. Die ander voorbeeld is uit die mediese wêreld. As die pasiënt toestemming gee vir 'n operasie en die risiko is aan hom verduidelik en een van die risiko's realiseer sonder nalatigheid van die dokter of personeel, dan het die pasiënt ingeligte toestemming gegee en dan kan daar nie geëis word nie.

## 'n Volk se reg op selfverdediging

Elke volk het reg op sy eie soewereiniteit. Tussen die volke is dit vasgelê in internasionale verdrae. As daar dan 'n oorlog tussen twee volke ontstaan, word alle reg nie daardeur opgeskort nie. Inteendeel, geen enkele oorlog mag begin tensy dit is om die reg te handhaaf nie. Oorlog moet gevoer word binne die grense van die reg.

Cicero het oorlog al gedefinieer as die oplossing van 'n geskil met die gebruik van geweld. Hugo de Groot voeg daarby dat oorlog die toestand is waarin volke 'n geskil met geweld besleg.

Die vraag kan gevra word of oorlogvoering ooit geregverdig kan word. Hierby sal 'n aantal beginsels uit die natuurreg ter sprake kom. Bo alles moet ons hoor wat die Skrif vir ons leer en hoe ons as gelowige dit moet verstaan en toepas.

## Die natuurreg

Natuurregbeginsels berus hoofsaaklik op die Skrifwoord van Romeine 2:14,15 - 'Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig, ...'.

Daar bestaan by (kultureel en andersins) hoogstaande heidene die feit van etiese idealisme, waarby onvolmaakte norme van reg en verkeerd in die hart geskrywe staan en waarby hulle gewete hulle lei om so op te tree. Dit bly egter onvolkome en onderworpe aan die sonde. Daarom sê Paulus in Romeine 12:2 - 'Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

In die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 en 4 paragraaf 4 bely ons: 'Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug'. Die volmaakte rede as rigsnoer hang egter altyd en orals saam met die wet wat God ons in Sy Woord geopenbaar het.

Die natuurreg het 'n aantal beginsels geformuleer wat ons hier sal noem en wat later dan vanuit die Skrif geëvalueer sal word. Die eerste is die drang na selfbehoud en die tweede dat die mens wil lewe ooreenkomstig sy gewete.

- Die mens het vanaf geboorte 'n natuurlike drang om vir homself te sorg en sal alles doen om dit in stand te hou. Die menslike natuur keer homself van nature af van ondergang en dood, en alles wat daartoe kan lei.
- Die drang tot selfbehoud word gelei deur die mens se gewete. Sodoende word die drang tot selfbehoud op 'n hoër vlak beoordeel.

## Oorlog beoordeel vanuit die natuurreg

Die natuurreg is nie in beginsel teen oorloë nie. As volke in 'n hinderlaag gelei word of as hulle voortbestaan met geweld en met wapens bedreig word, dan is selfverdediging deur middel van oorlogvoering geregverdig. Wapens kan met wapens verdryf word, en onreg kan met geweld teengestaan word om die lewens van die burgers te beveilig.

## Oorlog beoordeel vanuit die Skrif

Oorloë en oorlogvoering is nie 'n onbekende saak in die Bybel nie. Veral in die Ou Testament is daar dikwels van oorlogvoering sprake, maar dan altyd binne 'n bepaalde konteks. In die Nuwe Testament word nie regstreeks oor die regverdiging van oorloë gepraat nie. Tog kan daar bepaalde riglyne vir Christene vasgestel word. Die kerk het deur die eeue veral in sy belydenisskrifte standpunt ingeneem oor oorlogvoering, doodslag en bloedvergieting; en in dié verband ook die amp en taak van die owerheid. In die gereformeerde etiek het daar geleidelik bepaalde beginsels uitgekristalliseer.

## Oorloë in die Ou Testament

Genesis 9:5 leer ons dat doodslag en bloedvergieting van 'n mens vergeld moet word. Genesis 9:5,6 - 'maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis. Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak'. Hierdie opdrag aan Noag kom voor die uitvaardiging van die wet en die Tien Gebooue van God op Horeb.

Kain het al besef dat sy doodslag van Abel nie ongestraf sou bly nie. Genesis 4:14 - 'Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir u aangesig: 'n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan'. Maar die Here sê vir hom: 'Daarom, as enigeen Kain doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word. En die Here het 'n teken gegee aan Kain, sodat enige een wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie'.

Lameg maak egter 'n onregmatige beroep op God se uitsonderingsbehandeling van Kain. Genesis 4:24 - 'Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal'. Die Here het met die Mosaïese wette die doodmaak van 'n moordenaar toegelaat, met name in die geval van bloedwraak.

Abraham het, sonder dat ons in die Bybel van 'n uitdruklike bevel van God hiertoe lees, die wapens opgeneem en teen vier konings oorlog gevoer (Genesis 14). Net so het Moses oorlog gevoer teen die Amalekiete.

Doodmaak word deur die Here nie net toegelaat vir moordenaars nie, maar ook vir ander sondige oortredings, soos bloedskanie. Levitikus 18:29 - 'Want almal wat enigeen van hierdie gruwels doen - die siele wat dit doen, moet uitgeroei word onder hulle volk uit. 'n Moordenaar moet sterwe'. En Numeri 35:31,33 - 'Maar julle mag geen losgeld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat skuldig is om te sterwe nie, want hy moet sekerlik gedood word' ... 'julle mag die land nie ontheilig waarin julle is nie; want die bloed ontheilig die land, en vir die land word geen versoening gedoen vir die bloed wat daarin vergiet is nie, as net deur die bloed wat dit vergiet het'.

Doodstraf, bloedvergieting en oorloë staan in dieselfde verband. Al die oorloë wat in die Ou Testament vermeld word, kan baie keer direk in verband gebring word met kerkstryd, met die stryd van die saad van die vrou en die

saad van die slang. God lei sy kerk deur oorwinning en neerlae en leer sy kerk van al die eeue om te besef dat Hy regeer en niks per toeval gebeur nie. Die Here het dikwels heidense volke gebruik om sy volk te straf en om terugkeer te bewerk van afvalligheid na die ware godsdiens.

In die Ou Testament is die opneem van wapens en die voer van oorloë geregverdig, maar dit staan altyd in verband met kerkstryd en Gods oordeel. Nogtans gee dit vir die gelowige van alle tye riglyne vir die voer van oorloë in die algemeen en Gods wil daarvoor.

## Oorloë en oorlogvoering in die Nuwe Testament

Christus het gekom om die wet te vervul, nie om die wet af te skaf nie. Sy voorskrifte in Matteus 5 moet in dié lig gesien word. Christus benadruk egter die liefde van die wet teenoor die wettisisme van die fariseërs. Dat Christus nie die reg om oorlog te voer afgeskaf het nie, blyk uit verskeie tekste. In Timoteus 2:1-4 lees ons: 'In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle Godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom'. Die owerheid het 'n taak om te sorg dat sy burgers 'n vredige lewe kan lei. Voorbidding word hiervoor gebied.

Romeine 13:4-6: 'Want hy, (die owerheid) is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want Hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete. Want daarom betaal julle ook belasting; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is'. Dit gaan hier oor die swaardmag (ius gladii) van die owerheid.

Dit hoogste staatsmag het volgens die geopenbaarde wil van God die reg om die wapens te gebruik. Sergius Paulus, die goewerneur van Ciprus, het hom tot die Christendom bekeer en sy amp behou (Handelinge 13:12). Paulus doen ook 'n beroep op Agrippa om die Christelike geloof aan te neem.

In Lukas 3:14 moedig Johannes die Doper die soldate aan om nie uit die leër weg te loop nie, en om tevrede te wees met hulle soldy. Sodate moet hulleself nie aan afpersing en bedrieglike sake skuldig maak nie. Cornelius die hoofman het na sy bekering nie die diens in die Romeinse leër verlaat nie. Paulus het hom ook nie daartoe aangemoedig nie. Net so het Paulus homself nie teen die owerheid en sy soldate versit toe hy na Cesaréa begelei is nie.

Belasting moet betaal word en belastinggeld word aangewend vir die betaling van soldy. Augustinus sê dat ons belasting moet betaal om geld te voorsien, sodat in die leër se behoeftes voorsien kan word.

Uit dit alles blyk dat die doodstraf nie met Christus se koms afgeskaf is nie. Alhoewel oorlogvoering en dood van teenstanders nie heeltemal gelyk gestel kan word met die

doodstraf nie, is die onderliggende saak dieselfde, naamlik dat dit geregverdig kan wees om iemand dood te maak.

Ten slotte kan gewys word op die oorloë wat in die eindtyd gevoer gaan word, waarvan die boek Openbaring melding maak. Ook hier gaan dit egter weer oor kerkstryd en God se oordeel.

## Argumente in die heilige Skrif teen oorlogvoering?

Jesaja se voorspelling dat alle volkere hulle swaarde tot ploë en hulle spiese tot sekels sal omsmee, en dat niemand nog die swaard sal opneem en oorlog voer nie, is nie 'n voorskrif van wat gedoen moet word nie, maar wat sal gebeur as alle mense volkome gehoorsaam sal wees aan God se wil, soos op die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Christus se vermanings in Matteus 5 lui soos volg: 'As iemand jou op jou regterwang slaan, draai dan ook die ander een na hom toe. En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bokleed kry. Elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.... Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar ek sê vir julle: julle moet julle vyande liefhê; seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg'.

In alle hierdie tekste moedig Christus egter elkeen aan om die liefde suiwer te betrag deur God lief te hê bo alles en die naaste soos jouself. Christus vra om gelowige lydzaamheid onder bepaalde omstandighede. Indien Hy daarmee sou bedoel het om oorlog en oorlogvoering af te skaf, dan sou Hy dit so gesê het.

In Romeine 12:17-21 staan geskrywe: 'Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is vir alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie maar oorwin die kwaad deur die goeie'.

En in 2 Korintiërs 10:3 - 'Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestigings neer te werp'.

Geen weerwraak op jou eie nie. Vertrou op God se geregtigheid en dat Hy eenmaal almal in die oordeel sal bring. Die wapens waarmee die evangelie boodskap gebring word is nie wapens van dwang van hierdie wêreld nie.

Ook Efesiërs 6:11 en Jakobus 4:1 gaan nie oor 'n liggaamlike stryd wat nodig is om die orde te handhaaf en die lewens van die burgers te beskerm nie. Verder het Mattheus 26:52 geen betrekking op oorlog in die algemeen nie.

## Vrede en die heilige Skrif

Onse God is 'n God van vrede. As sodanig openbaar die Here hom in die Nuwe Testament. Christus is die vredevoers, en God se koninkryk is 'n koninkryk van vrede (Jesaja 6:5 en Romeine 14:17). Dat Christus ons vrede is (Efesiërs 2:14) en dat ons met alle mense in vrede moet lewe sover dit van ons afhang (Hebreërs 12:14 en Romeine 12:18), staan egter alles in verband met vrede met God deur die soenbloed van Sy Seun. God se geopenbaarde orde moet ons riglyn wees en nie vrede met alle mense ten koste van en teen Sy wil in nie.

Daarmee moet die swaardmag van die owerheid (Romeine 13:4) in harmonie gesien en uitgevoer word. Vrede staan in direkte verband met geregtigheid. Wie die reg doen sal vrede hê (Jesaja 32:17), maar wie onreg saai sal onheil maai (Spreekw 22:8).

## Die kerkvaders se standpunt oor oorlog en oorlogvoering

Die ou kerkvaders het as gevolg van die omstandighede in die Romeinse ryk met sy oorloë spesifieke standpunte oor hierdie situasie ingeneem.

Tertullianus het die konflik van 'n Christen-soldaat in 'n heidense leër dikwels oorweeg. Hy het homself op 'n stadium afgeveer of gelowiges tot die dra van wapens oorgehaal mag word en of dié wat reeds die wapens dra wel toegelaat mag word tot die geloof (De Idololatria). Die goddelike eed van trou en die menslike krygseed gaan volgens hom nie saam nie, net so min soos die veldteken van Christus en dié van die duiwel. Tog beveel hy aan om vir die keisers te bid dat hulle leiers sterk mag wees en die wêreld rustig. En ook: ons vaar en stry met u saam (Appologeticum).

Origenes beweer dat by ons deur God as voorbeeld gegee is, sodat oorloë tussen die mens regverdig en ordelik gevoer kan word, as dit ooit noodsaaklik sou wees om hulle te voer (Contra Celsum).

Clemens van Alexandrië sê dat 'n christen wat in 'n hoë politieke mag geroep is, die goeies moet beloon en die slegtes straf.

Clemens III sê dat nie elke teregstelling ongeoorloof is nie, maar wel dié van die onskuldige.

Daar was ook baie soldate wat vir Christus swaer foltering en die dood ondergaan het en wat soos die ander martelare met dieselfde eerbetuigings vereer is.

Bloedvergieting en veral die wapens opneem teen die eie volksgenote was egter 'n ernstige geloofskwessie.

Ambrosius noem in een van sy preke dat krygsdiens geen sonde is nie, maar om dit te doen ter wille van oorlogsbuit wel (Inter Augustini Sermones).

Die koncilie van Nicea het besluit dat die soldate wat die diens verlaat het en daarna weer in krygsdiens opgeneem is, vir tien jaar verban moes word. Onder Keiser Konstantyn is besluit dat die soldate wat die wapens neergelê het in vredestryd, die kommunie nie ontsê moet word nie.

Basilius skryf oor die eerste Christene dat doodslag wat in oorlogstryd deur ons voorvaders begaan is nie as doodslag bestempel is nie, omdat dit 'n regverdigingsgrond was vir diegene wat vir eerbaarheid en vroomheid gestry het.

Augustinus het sy standpunt oor 'n regverdige oorlog (bellum iustum) so saamgevat, dat 'n oorlog slegs geregtig kan wees as 'n wettige owerheid dit voer, die aanleidende oorsaak geregtig is en dit met die regte motiewe gevoer word. Ook as die christelike leër alle oorloë sou verdoem, sou vir die soldate wat raad gevra het om hulle saligheid te bekom, liever gesê gewees het dat hulle hulle wapens moes weggooi en hulle heeltemal van krygsdiens moes onttrek. Daar is egter vir hulle gesê: julle moet niemand geweld aandoen nie; niemand veronreg nie en wees tevrede met julle soldy. Toe hy hulle beveel het om met hulle soldy tevrede te wees, het hy hulle in elk geval nie verbied om oorlog te maak nie (Calvyn Institusie 4.20.12).

Calvyn sê by die bespreking van die sesde gebod (jy mag nie doodslaan nie): 'Ons word gebied om getrou alles in ons vermoë op te offer ter beskerming van die lewe van ons naaste en om die middele te voorsien wat tot hulle rus bydra, om daarvoor te waak dat die dinge wat hulle skaad, van hulle afgeweer kan word en as hulle in gevaar verkeer, 'n helpende hand aan hulle te reik' (Institusie 2.8.39).

Die sesde gebod rus op die feit dat die mens die beeld van God is en dat sy medemens dieselfde vlees is (Institusie 2.8.40).

Calvyn voer teen die Doperse standpunt aan dat oorloë onder bepaalde omstandighede wettig is. Natuurlike billikheid en die basis van hulle amp sê dus aan ons voor dat vorste gewapend moet wees om nie alleen persoonlik in misdade met geregtelike strawwe te beding nie, maar ook om landstreke wat aan hulle toevertrou is, met oorlog te verdedig wanneer dit vyandig aangeval word. En die Heilige Gees verklaar met baie Skrifgetuïenisse dat sulke oorloë wettig is (Institusie 4.20.10 en 11).

Ons moet wel eers alles beproef voordat ons die saak met wapens besleg. Ons moet nie toelaat dat ons deur ons persoonlike gevoel meegesleur word nie, maar ons moet ons deur die openbare belang laat lei (Institusie 4:20.12).

## Hedendaagse Gereformeerde standpunt

In sy bespreking van die sesde gebod noem Geesink dat die verpligting tot noodweer daaruit voortvloei (Exodus 22:2). Net so volg hieruit vir die owerheid die verpligting om die doodstraf toe te pas. Afgesien van die vergeldende geregtigheid (Genesis 9:6) is die doodstraf ook noodweer van die gemeenskap teenoor die individu.

Douma meld kortliks in sy Grondslagen Christelike Ethiek dat die kerk 'n positiewe instelling moet hê teenoor die owerheid en haar taak, haar mag en militêre apparaat. Met evangelie verkondiging moet nie van wapengeweld gebruik gemaak word nie. Nie uit wêreldmyding nie, maar uit verskil in opdrag. Daar moet vir die owerheid en sy militêre mag gebid word.

In die Heidelbergse Kategismus antwoord 105 bely ons die eis van die sesde gebod soos volg: 'Ek mag nie self, en ook



nie deur iemand anders my naaste onteer, haat of doodmaak nie... Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer'.

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat die Here die owerheid die swaard in die hand gegee het om die kwaaddoeners te straf en die deugsame te beskerm. Alle afgodery en valse godsdiens moet teengegaan en uitgeroei word, om die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder. Die swaard wat die kerk gebruik mag net die swaard van God se Woord wees. Ons glo dat vorste en owerhede aangestel is deur ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag.

## Samevatting

Samevattend kan ons sê dat God in sy geopenbaarde Woord 'n Christen toelaat om homself in noodsaaklike gevalle teen sy aanvallers te verdedig. Hoewel die Here die doodslag in die sesde gebod verbied, kan dit partykeer nodig wees dat 'n mens deur ander mense of deur die wettige owerheid gedood word. Hierdie doodslag word dan geregverdig deurdat die ongeregtigheid wat deur die sonde in die wêreld gekom het betueel word-. Die owerheid het van God die swaardmag gekry om vrede en

orde te handhaaf en om oorloë te voer teen ander volke, mits dit as doel het om homself en sy onderdane te beskerm.

Elke poging moet egter aangewend word om 'n oorlog te verhoed. 'n Christen mag as militêr diens doen en mag deelneem aan geregverdigde oorloë. Christus bly egter die Koning van die konings en enigets in stryd met God se geopenbaarde wil moet teengestaan word.

Daar bestaan ingeskape natuurlike wetmatighede in 'n mens, sodat niemand homself kan verontskuldig by die eindoordeel nie. Hierdie natuurregbeginsels kan vanuit -n Christelike oogpunt 'n basis wees om ook met ongelowige owerhede verdrae aan te gaan vir die handhawing van die internasionale regsorde.

Die huidige regstelsel in Suid Afrika is gegrond op die humanistiese menseregte handves wat sy neerslag in ons nuwe grondwet gevind het. Hierdie nuwe grondwet op sy beurt het 'n geheel nuwe humanistiese lig gewerp op al ons ander wetgewing, wat daartoe gelei het dat byvoorbeeld die doodstraf as onkonstitusioneel afgeskaf is.

Hierdie natuurregtelike beginsels van die reg tot selfverdediging en die reg van oorlog moet egter altyd vir 'n Christen gelowige vanuit God se openbare woord geïnterpreteer word.

Lex lux pedi nostro (Die wet is 'n lamp vir ons voet) - Ps 119:105.

## MEDIES

# Getuienis in mediese praktyk

Prof JM Boon, Pretoria

As die Here die negende gebod gee, raak Hy daarmee die hart van die mediese professie aan. Geen valse getuienis gee, my naaste se eer en goeie naam bevorder, die waarheid liefhê en opreg wees in wat gesê word: dit kom alles tot binne-in die spreekkamer. Daar waar die dokter en die pasiënt praat oor siekte en gesondheid, waar die verpleegster die pasiënt inlig oor 'n siekte in die saal en waar die arbeidsterapeut die gestremde kind se moeder oor haar kind se vordering inlig.

Die grondwoord in die negende gebod is getuienis. Uiteraard dink ons direk aan 'n hofsituasie. Maar die Heidelbergse Kategismus kleur die woord getuienis breër in as net die gereg en voeg daaraan toe dat in alle ander handelinge ek die waarheid moet liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely.

Tussen die dokter en die pasiënt is daar 'n sekere vertroue. Daar is 'n beroepsgeheim. Alles wat die pasiënt aan die dokter vertel is nie publieke kennis nie. Sekere vrae word slegs in die dokter-pasiënt verhouding gevra. Inligting oor die pasiënt se siekte word soms slegs in hierdie verhouding bespreek. As daar geen publieke gevolge aan verbonde is nie, word die dokter verbind om mediese inligting geheim te hou, tensy anders met die pasiënt ooreengekom. Die rede is om die pasiënt se eer en goeie naam te verdedig en te bevorder.

Die saak word anders as inligting in die dokter-pasiënt verhouding 'n ander party direk kan skade aandoen. As 'n

pasiënt vigs het, is dit die dokter se plig om aan die pasiënt die dringendheid van 'n gesprek met die eggenote te bespreek. Die eggenote moet ingelig word. Daartoe is die dokter verplig. 'n Pasiënt met 'n aansteeklike siekte moet aangemeld word, in belang van die publieke gesondheid. Hier gaan die belang van die gemeenskap bo dié van die individu. Die regering verplig dokters om 'n sekere lys van siektes aan te meld ten bate van die publieke gesondheid. Cholera is daarvan 'n voorbeeld. Kindermishandeling moet aangemeld word. As 'n pasiënt sterf en 'n doodsertifikaat uitgereik moet word, is die dokter verplig om aan te dui of die oorsaak aan natuurlike oorsake te wyte is. Verder moet die doodsoorsaak genoem word. As daar 'n moontlikheid van 'n onnatuurlike oorsaak van dood is, moet dit aangedui word.

As 'n busbestuurder met epilepsie ondanks duidelike advies van sy dokter nie ophou om sy werk as bestuurder van 'n bus te doen nie, is die dokter moreel verplig om die

beroepsgeheim te verbreek. Die verbreek van die beroepsgeheim kan dus in sommige gevalle ook in belang van die pasiënt en die gemeenskap om hom wees.

Die beroepsgeheim beteken nie dat die dokter inligting van pasiënte weerhou nie. Indien 'n lewensbedreigende siekte vasgestel word, is dit die dokter se verantwoordelikheid om die pasiënt behoorlik in te lig oor die konsekwensies daarvan sover dit menslik moontlik is. Dit mag beteken dat daar ook met die familie gepraat word oor die implikasies van die siekte, sodat die pasiënt daardeur gedien mag word. Maar die reël is altyd dat die pasiënt weet wat oor hom aan ander deurgegee word.

Die beroepsgeheim moet dus in die lig van die breë verstaan van die negende gebod gesien word. Christendokters in die tweede wêreldoorlog het geswyg oor die adresse van joodse kinders wat deur medeburgers versteek is. Die plig om te swyg kan dus vêrstrekkend wees. Die swygplig is selfs na die dood van 'n pasiënt geldig.

Lindeboom, gewese internis in Nederland, beskryf die beroepsgeheim as iets meer as 'n spelreël van die beroep. Dit het volgens hom te make met die eerbiediging van die persoonlikheid van die sieke, soos wat die sieke hom of haar in volle vertroue aan die dokter openbaar. Met hierdie beskrywing kom ons al nader aan die negende gebod waar ons gevra word om die eer en goeie naam van die naaste te bevorder en opreg te wees in alles wat gesê word. Want met die beroepsgeheim word die persoonlike belang van die pasiënt gedien. Die dokter beskerm die pasiënt deur teenoor 'n derde te swyg. Maar daar is ook 'n sosiale belang wat hiermee gedien word. Die samelewing moet weet dat die dokter geheime wat aan hom toevertrou is, bewaar (Douma, 1997).

'n Dokter moet dus weet waaroor om te swyg teenoor 'n derde party, maar ook weet wat hy juis wel moet sê teenoor die pasiënt. Moet die dokter die waarheid aan 'n

pasiënt met 'n ongeneeslike siekte vertel? Vroeër is die beginsel van 'de pia fraus' gehuldig. Die sogenaamde vroom bedrog. Omdat dit vir die pasiënt baie moeilik is om so 'n boodskap te hoor word dit liever verswyg, verberg of as minder gevaarlik voorgestel. Byvoorbeeld om te sê dat dit 'n geswel is wat die neiging het om uit te brei, terwyl dit 'n kwaadaardige kanker is. Die negende gebod verbied egter alle vorme van lieg en bedrieg. Daar kan geen terapie in die leuen of halwe waarheid wees nie. Dit is nie altyd maklik om die waarheid te verwerk nie. Dit beteken egter nie dat dit nie ook heilsaam kan werk nie. Die rede vir die vroom bedrog is dikwels die onvermoë om met die waarheid van die dood om te gaan. Daarom die verberging daarvan.

Maar om slegte nuus oor te dra vra gehoorsaamheid aan die wet van die liefde: wat die negende gebod eis. Die waarheid liefhê en opreg wees. Daar hoor ons die woordjie liefde. Die waarheid in liefde en in sorg vir die pasiënt oordra. En so gee die negende gebod vir ons die oplossing van die probleem. Die waarheid kan op sigself liefdeloos wees. 'n Slegte prognose aan 'n pasiënt meedeel kan op 'n baie liefdelose manier geskied. Koud, klinies en arrogant. Dit het met liefde weinig te make. Maar om 'n slegte tyding op 'n liefdevolle manier te bring mag beteken dat alles nie dadelik vertel word nie, maar geleidelik. 'n Opvolgbesoek om rustig te kan praat en te verduidelik. Nie onbarmhartig die waarheid hanteer nie, en ook nie 'n vroom leuen nie. Want by die negende gebod is die liefde vir die naaste prioriteit. Die waarheid word in liefde ingekleur, juis ook in die spreekkamer, op die hospitaalbed en in die teater.

Douma J. 1997 Mediese etiek. Kok: Kampen, p125-134

Lindeboom GA. 1992 De mediese etiek in de branding. Een keuze uit het werk van Gerrit Arie Lindeboom. Buijten en Schipperheijn: Amsterdam

## REKENAAR EN INTERNET

# In die Genève van Calvyn

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

## Die stad van Calvyn

'n Vorige keer het ek u aandag op die mooi tuisblad van ds R Grisnigt (Gereformeerde Bond in Nederland) en die afdeling oor Luther gevestig. Hierdie betrokke tuisblad bevat ook 'n hele afdeling oor Calvyn. Die presiese adres waar u kan begin, is [www.meetingpoint.org/jc/index.htm](http://www.meetingpoint.org/jc/index.htm)

As u laasgenoemde skakel volg, sal u 'n indeks kry. Bo-aan is 'n skakel Calvynplaatsen (Interaktiewe Rondwandeling door Genève) en as u daarop kliek, kry u die ouditorium in Genève te sien, waar Calvyn sy lesings aan sy studente gegee het. Ook John Knox was onder sy gehoor. Vandaar dat die ouditorium die John Knox Kapel genoem word.

Op die rondtoer deur Geneve kan 'n mens onder andere nog die katedraal Saint Pierre, die 'preekkerk' van Johannes Calvyn, besigtig.

## 'n Lewensbeskrywing van Calvyn

As u die skakel Levensloop (Korte beskrywing van de levensloop van Johannes Calvijn) volg, kry u 'n indrukwekkende lewensbeskrywing van Calvyn. Telkens is daar pragtige foto's en tekeninge. In die loop van die vertelling is daar skakels. As u dit volg kry u meer inligting oor die betrokke persoon, plek, geskrif of gebeurtenis.

## Inligting oor ander reformatore en tydgenote

In die inhoudsopgawe is daar 'n skakel na ander reformatore en tydgenote. Uit die talle noem ek net die naam van Martin Bucer, die man van wie gesê word dat hy Calvyn 'n Calvinis gemaak het. As u op sy naam klik, kan u nog baie meer lees oor hierdie man wat so 'n groot invloed op Calvyn gehad het.

Ek moet sê dat die lewe van Calvyn lewendig en boeiend aangebied word.

## Institusie en kommentare

U kan A Sizoo se Nederlandse vertaling van die Institusie in Theophilus-formaat aflaai by die volgende adres: <http://www.meetingpoint.org/theophilus/Dutch/addons.htm> (Boek modules). By hierdie selfde adres (onder Commentare en Aantekeninge Modules) kan u ook die hoog aangeskrewe

reformatoriese Kantaantekeninge aflaai. Dit is eweneens in Theophilus-formaat. U het dus die Bybelprogram Theophilus nodig om dit te kan lees. Laasgenoemde (weergawe 3.0.2) is gratis beskikbaar by <http://www.meetingpoint.org/theophilus/Dutch/index.htm>

Calvyn se kommentare kan op die tuisblad van CCEL gelees ([http://www.ccel.org/c/calvin/comment3/comm\\_index.htm](http://www.ccel.org/c/calvin/comment3/comm_index.htm)) en afgelaai (<http://www.ccel.org/c/calvin/comment3/HTMLzips/>) word. Ages het 'n CD met die meeste werke van Calvyn (sy briewe ingesluit) op 'n CD en ek self het die kommentare op my CD.

## Belangrike skakels

U sal ook in die indeks 'n verwysing Links kry. Dit is van groot belang om u te help om meer werke van Calvyn in stad Internet te kry.

## PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Onderwys in die brandpunt

Die debat oor godsdiens in die onderwys het met die voorgestelde nuwe wetgewing wat hierop betrekking het opnuut opgevlam. Die saak waaroor dit in besonder gaan, is godsdiensbeoefening in skole. Dr Gerrie Lubbe, lid van minister Kader Asmal se advieskomitee oor die saak, verduidelik in Beeld van 23 April 2003 hoekom hy as Christen die voorgestelde beleid steun.

Die debat wat die laaste tyd oor die nuwe beleid ten opsigte van godsdiens in staatskole woed, het my baie laat dink aan die debat in 1983/'84 oor die instelling van die sogenaamde driekamer-parlement.

Die groot beswaar wat destyds die debat oorheers het, was nie dat dit nie politiek haalbaar was om die oorgrote meerderheid in Suid-Afrika van medeseggenskap uit te sluit nie, maar wel dat parlementariërs voortaan saam met Hindoes en Moslems in dieselfde parlement sou sit. (Daar is gerieflikheidshalwe vergeet dat daar al jare lank aanhangers van die Joodse geloof in die parlement was.)

Tydens die aanloop tot die destydse referendum het 'n prominente lid van die opposisie in 'n radio-onderhoud hom só uitgelaat: 'Nou, wat betref die Moslems, die Mohammedane en die Islams...'

Ek het destyds gevoel dié agbare lid sou kon doen met 'n inligtingsessie oor mede-menslikheid.

Dalk sou hy kon baat vind by onderrig oor godsdiens soos dié waarvoor in die nuwe beleid voorsiening gemaak word. Dan sou hy besef het hoe Moslems dit waardeer om na verwys te word as Moslems, en nie as Mohammedane nie, omdat hulle nie die profeet Mohammed aanbid nie.

## Pasop vir kortpad

Ek het dieselfde gevoel gekry toe 'Beeld' so 'n paar weke gelede die opskrif 'Christen, Jood, Mohammedaan' gebruik

het en daarna geen apologie aan sy lesers, wat sekerlik Moslems insluit, gebied het nie.

Ons is dit sekerlik aan die aanhangers van die Islam en van elke ander godsdiens verskuldig om korrekte feite en terminologie te gebruik wanneer ons na hulle verwys. Hierdeur word, in belang van ons land en al sy mense, wedersydse aanvaarding en agting vir mekaar gedien.

Soos in 1984 is daar heelwat emosie by die huidige debat betrokke. In 'n sekere sin het ons ook nog nie veel verder gevorder wat betref openheid en vertroue teenoor ander mense nie. Die etiket van kommunisme wat ons destyds om die nekke van andersdenkendes gehang het, is net mooi netjies vervang met dié van sinkretisme.

Daarmee loop ons nie die lang en dikwels moeilike pad om ons in te dink in die skoene van ander nie, maar kies ons steeds die kortpad van verdagmakery. Die Batswana sê juis: ' 'n Kortpad laat jou in die veld slaap!'

Waar dit veral in Afrikaanssprekende en voormalige model C-skole is waar gemoedere gaande raak, lyk dit vir my asof die kwessie van godsdiens-verskeidenheid grootliks 'n teoretiese saak is.

Vir baie lidmate van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), waarvan ek 'n geordende leraar is, is godsdienspluralisme 'n daaglikse werklikheid.

Kinders wat grootword en skool toe gaan in die landelike gebiede van veral KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap, die Durban-gebied, die Kaapse Skiereiland en in woonbuurte soos Lenasia en Laudium in Gauteng, ken geen ander wêreld as dié van godsdienspluralisme nie.

Hulle leef en beweeg tussen minstens twee godsdienste in een gemeenskap, een buurt en selfs in een huis. Hier bestaan daar elke dag in die klaskamers van staatskole werklike godsdiensverskeidenheid.

## Kerk en ouers se taak

Die gemeente wat ek bedien, is geleë in die woonbuurt Lenasia, suidwes van Johannesburg. In Lenasia is daar na raming ongeveer 5% Christene. Dit beteken die kinders van my lidmate, en van dié van ander genootskappe, gaan elke dag saam met Moslem- en Hindoekinders skool.

Hier het die kerk en Christenouers al jare lank geen ander keuse nie as om groot erns te maak met die geestelike skoling van ons kinders. Ons kon dit nie van die skool verwag nie omdat die onderwysers, wat merendeels Hindoes of Moslems is, natuurlik nie daardie taak kon verrig nie.

Ons onderskryf dus die uitgangspunt van die voorgestelde beleid dat die bevordering en verdieping van ons kinders se geloofsoortuiging by die kerk en by die ouerhuis tuishoort. Ons kan dit nie aan ander oorlaat of van ander verwag nie.

Wat ons wel kon, en steeds, verwag, is dat die onderwyspersoneel respek tussen leerlinge van verskillende geloofsoortuigings sou, en sal, bevorder. Hier kan opvoedkundig verantwoordbare onderrig oor godsdienst 'n groot rol speel om die regte inligting te verskaf en om respek te kweek.

Dit gaan hier nie maar net oor 'n klein klompie Christenkinders van Lenasia nie. Dit word bereken dat slegs sowat 25% van Soweto se kinders tans in Soweto skoolgaan. Hulle woon of private skole of skole in voormalige wit woongebiede by of skole in die nabygeleë Lenasia.

In Lenasia het die onderwyskorps grotendeels onveranderd gebly, wat meebring dat die kinders uit Soweto, waarvan baie waarskynlik Christene is, hul dus in dieselfde posisie bevind as die Christenkinders wat in Lenasia woon.

Hier kan ons ook nie toelaat dat die meerderheid die sê sal hê wanneer dit kom by saalopening en godsdienstbeoefening nie.

Daar sal kreatief oor saalopening gedink moet word, want ons kan ook nie toelaat dat ons kinders, wat 'n integrale deel van die skoolgemeenskap uitmaak, buite die saal moet wag terwyl die meerderheid van die skool godsdienst beoefen nie.

## Dit het ek geleer

My bediening van 33 jaar in Lenasia het my geleer dat:

- Dit die uitsluitlike verantwoordelikheid en voorreg van die ouerhuis en die kerk is om ons kinders as Christene te begelei;
- Godsdienstdiversiteit 'n feit in ons land is waaraan waarskynlik die meerderheid leerlinge daaglik blootgestel word;
- Korrekte feite oor godsdienst, opvoedkundig aangebied, nie verwarring nie maar insig, respek en sosiale vaardighede in 'n wêreld van godsdienstdiversiteit tot gevolg het;
- Kinders nie gebrandmerk mag word omdat hulle tot 'n ander geloofsoortuiging as die meerderheid in die skool behoort nie;
- Formele byeenkomste van die skool ideale geleenthede

is om etiese en burgerlike kwessies, met verwysing na 'n verskeidenheid van geloofsoortuigings, aan te sny;

- Ons die uitnodiging van die departement van onderwys moet benut en skoolgeriewe buite die formele skoolkurrikulum gebruik vir byeenkomste vir Christenleerlinge; en
- Nóg Christene nóg Hindoes nóg Moslems hul beywer of ons onderwysstelsel wil misbruik vir die bevordering van 'n konglomeraat van godsdienste, of vir die totstandkoming van een universele godsdienst.

Dit is bekend dat dr Lubbe 'n groot dryfveer agter die voorgestelde nuwe wetgewing insake godsdienstbeoefening in skole is. Om daardie rede is dit van belang om deeglik van sy siening kennis te neem.

Vir heelparty van ons lesers sal die omstandighede waarbinne dr Lubbe die Christenkind op skool sien en teken, onbekend wees. Die meeste Afrikanerkinders ontvang skoolonderrig in skole waar die Christelike etos gevestig en 'on-onderhandelbaar' is. Saal-opeeninge en godsdienstperiodes word soos in die verlede ingerig. Die scenario wat dr Lubbe skets, is duidelik radikaal anders. Wat van Christenkinders wat in staatskole onderrig ontvang waar die Christelike etos nie gevestig is nie, en selfs moet terugstaan vir byvoorbeeld Islam of Hindoeïsme? Die dilemma vir sulke kinders (en ouers) is inderdaad groot.

Nieteenstaande die 'ander hoek' van waaruit dr Lubbe skryf, moet daar duidelike lyne oor enkele sake getrek word.

- Dr Lubbe stel dat hy 'die uitgangspunt van die voorgestelde beleid onderskryf', naamlik 'dat die bevordering en verdieping van ons kinders se geloofsoortuiging by die kerk en by die ouerhuis tuishoort. Ons kan dit nie aan ander oorlaat of van ander verwag nie'. Hy stel dit nog sterker: dat 'dit die uitsluitlike verantwoordelikheid en voorreg van die ouerhuis en die kerk is om ons kinders as Christene te begelei'. Hierdie stelling rus op ten minste twee ernstige mistastings. Eerstens word die lewe in stukke geskeur, asof opvoeding tuis en in die kerk en in die skool nie alles met God en sy Woord te doen het nie. Dit is - gemeet aan die Skriftuurlike eis dat Christus oor alles Koning is - onwaar om te redeneer dat die skool uitgesluit word van die opdrag om kinders 'as Christene te begelei'. Tweedens word die gegewe dat die skool die verlengstuk van die ouerhuis is, en dat huis, skool en kerk saam 'n eenheid vorm, misken. Die doopbelofte kan binne die denkraamwerk van dr Lubbe nie uitgeleef word nie.
- Dr Lubbe stel verder dat 'die onderwyspersoneel respek tussen leerlinge van verskillende geloofsoortuigings sou, en sal, bevorder. Hier kan opvoedkundig verantwoordbare onderrig oor godsdienst 'n groot rol speel om die regte inligting te verskaf en om respek te kweek'. Dit is 'n stelling wat noukeuriger omskrywing verdien, veral gesien in die lig van 'n ander stelling wat onlosmaaklik daarmee saamgaan: 'Formele byeenkomste van die skool is ideale geleenthede om etiese en burgerlike kwessies, met verwysing na 'n verskeidenheid van geloofsoortuigings, aan te sny'. Die vraag wat by 'n

mens opkom, is: watter respek moet ons vir afgodsdienste hê? Wat leer die Skrif ons hieromtrent? Paulus se optrede op die Areopagus, soos beskryf in Handeling 17, dien as basis. Die respek wat hy toon het te doen met die volwasse, ordentlike hantering van die persoon van die nie-christen. Maar dit moenie verwar word met respek vir dit wat die nie-christen glo nie. Hoe kan 'n mens ongelooft, wat deur God nie geduld word nie, respekteer?

- Dr Lubbe noem dat hy geleer het dat 'nóg Christene

nóg Hindoes nóg Moslems hul beywer of ons onderwysstelsel wil misbruik vir die bevordering van 'n konglomeraat van godsdienste, of vir die totstandkoming van een universele godsdienst'. Dit word aanvaar dat dr Lubbe eerlik is oor die les wat hy geleer het. Maar is die lesinhoud korrek? Wie waarborg dat onderrig oor verskillende godsdienste nie gaan uitloop op 'n konglomeraat van godsdienste nie? In ag genome die doel van onderrig in verskillende godsdienste – naamlik om wedersydse respek en goeie burgerskap te kweek – is

## Die nuwe vak 'multi-religie'

Ds Naas Ferreira, predikant van die Gereformeerde Kerk Rietvallei, het na aanleiding van die onderwysdebat in 'n elektroniese omsendskrywe uiteengesit hoe die 'nuwe pluralistiese vak multi-religie' gaan lyk. Hy skryf:

Die 'Institute for Comparative Religion' (ICRSA) het in 1991 tot stand gekom by die Kaapstadse Teologiese Fakulteit om gereed te maak vir die vak multireligie op skool. Uit die voorwoord tot die gepubliseerde openingsrede is dit duidelik dat ICRSA, soos Unisa, die Universiteit van die Noorde, Natal en Wits, die internasionale pluralistiese/intergeloofsrigting inslaan. (Dit lei ek af van optredes van dosente van hierdie teologiese fakultete by die Teologiese Fakulteit van Unisa.) In die voorwoord tot Smart se rede, onderteken deur Proff David Chidester (Direkteur), John de Gruchy en James McNamara van die Department Religieuse Studies, is dit duidelik dat die ICRSA op dieselfde lees geskoei sou wees:

'Internationally recognised for his work in both comparative religion and religious education, Professor Smart was a perfect choice to serve as inaugurator of ICRSA. His inaugural address - Religious Studies and Religious Education: Challenges for a New South Africa - stands as a prospectus for the ongoing work of the Institute of Comparative Religion in Southern Africa'.

Ninian Smart is Professor in Vergelykende Religie aan die Universiteit van Kalifornië.

'n Paar aanhalings uit sy rede gee 'n voorsmaak van hoe ICRSA dié multi-religieuse vak sou onderrig:

Religious Studies And Religious Education: Challenges For A New South Africa: Inaugural Lecture By Professor Smart

...The old categories of the study of Christianity were such as these - Old Testament, New Testament, Patristics, Church History, Systematic Theology, and so on. Such categories often left christianity shrunken and compartmentalized. Shrunken, because tradition was rarely dealt with across the board, from Orthodoxy to Congregationalism and Catholics to Coptics, nor necessarily extended to include Mormons and African Zionists. Compartmentalized, so Christian studies were too chopped up and often over intellectualized or treated in terms of institutions: the various dimensions of religion were often not presented in a balanced way. You would never do a course on Buddhism without getting into

meditation, temples, and lay practices, but you could often have a course on Christianity with little on ritual and the spiritual life. I have therefore for some years given a course on Christianity at the University of California, Santa Barbara, because other Christian offerings are rather partial. As for Biblical Studies, they can be transformed by a history of religions approach into dealing with the roots of Christianity - in the Mediterranean world - seeing it swimming in the same sea as early rabbinic Judaism, Gnosticism, mystery religions, Graeco-Roman rites, and new religions.

... public education needs openness from an epistemological point of view, because no world-view can be proved - not scientific humanism, for it perforce goes beyond the bounds of science; not Buddhism; not Islam - for all religions go beyond the bounds of science and common knowledge. You can legitimately teach with assurance to all manner of children Pythagoras' theorem. But not the Trinity, except in private context. The history of religion has often been the story of trying to get around the epistemology and to substitute public and spurious certainty for faith. Religions are a set of visions, and we have to tolerate one another's symbols. There is in this connection another consideration to bear in mind. Worldviews can learn from one another. Christian Liberation Theology has learned something from Marxism. Mainline churches can learn something from African Independent churches. Christians can learn from Buddhist meditation. Hindus can learn from Tolstoy, as Gandhi knew. ... we must also adapt to world values. Communication with all our ancestors will be a way of symbolizing our commitment not just to Scotland or South Africa, but to the common race as a whole. Our ancestors are not just Moses, Jesus and Muhammed, but also Shankara, the Buddha, Confucius, Shembe and Shinran. Humanity is our community and ultimate source. I have a vision of a new era of religious education - where young people can be nurtured by their families and communities to prize the glories of their traditions, where they can learn the Qu'ran and the Bible and the Mass and the hymns and dances of tradition, and can be trained in the values of the Enlightenment and of Gandhi and the fervors of Krishna.

... I see an education which deepens each person's heritage, but gives her or him respect for other people. I see an education which cultivates emphatic imagination. This is

what a broad religious studies program can offer. It will have its detractors. But if South Africa can achieve this out of the ruins of the apartheid system it may come to lead the world in peaceful coexistence and in imaginative creativity. May the ultimate fullness and emptiness beyond all our symbols bless the new South Africa. The new religious studies may be the most profound offering which universities have to offer the wider world.

... It is said that my open pluralistic ideology is just one ideology among many and no better. So if one person prefers Calvinism to pluralism why should he not carry on as before? Adolf Hitler could have used that argument. He might regret that he could not incorporate hermeneutics and deconstructionism into Mein Kampf... the open society allows all religions most of what they want, instead of penalizing most worldviews and entrenching one. The collapse of both Marxism and apartheid is testimony to the hatred such systems engender and their ultimately stultifying effect. ...Unfortunately, the entrenchment of a form of Christian theology sometimes functioned as an element in

the apartheid system; even if also Christian theologians were nobly involved in the church jihad against the system, notably here at UCT.

... It is well within the competence of people to teach in a cross-cultural and emphatic way: It is more a matter of attitude than anything. Here resistance by conservative religionists is a pathetic commentary on the security and maturity of their faith.

Die feite wat hierin deurgegee word, kan nie ongedaan gemaak en verswyg word nie. Die paaiende woorde van dr Lubbe wat betref die totstandkoming van een universele godsdiens strook nie met uitsprake soos dié nie. Die laaste woorde wat ds Ferreira van prof Ninian Smart aanhaal, spreek boekdele: 'resistance by conservative religionists is a pathetic commentary on the security and maturity of their faith'. Die vyand skroom nie om kleur te beken en 'n paar taai dwarsklappe uit te deel nie. Daarteenoor mag die gelowige kind van God nie skroom om aan te hou verkondig wat die waarheid ooreenkomstig Gods Woord is nie.

## Een woord wat 'n reusagtige verskil maak

Oor die afgelope jare is daar in Waarheid en Dwaling al meermale geskryf oor die sogenaamde ratifikasie-plig van kerke. Om te ratifiseer beteken om besluite van meerdere vergaderings (sinodes en klassies) vir vas en bindend te hou. In Artikel 31 Kerkorde onderneem kerke om dit wat met meerderheid van stemme besluit is, vir vas en bindend te hou (Latyn: ratum habere). Die manier waarop 'n kerkraad die besluit van 'n meerdere vergadering vir vas en bindend hou, is in die Februarie-uitgawe van Waarheid en Dwaling stap vir stap uiteengesit. Dit kom daarop neer dat die kerkraad die notules van die betrokke meerdere vergadering deeglik bestudeer. Besluite word met die liniaal van Gods Woord, die belydenis en die kerkorde getoets of dit geldig is (dit wil sê: ooreenkom met die Skrif, belydenis en kerkorde). Geldige besluite word as sodanig aanvaar en uitgevoer. Indien 'n kerkraad egter oordeel dat 'n besluit ongeldig is, moet dit by wyse van 'n bewaarskrif so gou as moontlik aan die kerkverband bekend gemaak word. Hierdie stappe kom ooreen met die vervolg van Artikel 31: besluite word vir vas en bindend (geldig) gehou, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die kerkorde (ongeldig). Artikel 31 impliseer dat ongeldige besluite nie vir vas en bindend gehou sal word nie.

In Die Kerkblad van Maart 2003 skryf ds Hentie Krüger die volgende na aanleiding van Artikels 31 en 46 Kerkorde:

Hierdie twee kerkorde-artikels beklemtoon twee belangrike regsbeginne: (1) besluite is geldig en (2) besluite kan verander word. Genoemde artikels maak juis 'n ordelike pad oop vir diene wat nie met 'n sinodebesluit saamstem nie.

Die bewyslas is op diene wat beweer dat die sinodebesluit nie reg is nie en nie op kerke om te bewys dat 'n sinodebesluit

Skriftuurlik is nie. Hy/sy moet dan bewys dat die besluit strydig is met die Woord van God. Tot tyd en wyl die beswaar bewys word, is die sinodebesluit geldig.

Ongelukkig bestaan die siening by sommige dat 'n kerkraad eers self 'n sinodebesluit geldig moet bevind of verklaar, met ander woorde dat die kerkraad moet bewys of 'n sinodebesluit Skriftuurlik is of nie. Gestel nou byvoorbeeld 'n kerkraad is oortuig dat die sinodebesluit nie volgens God se Woord, die belydenisskrifte of die kerkorde is nie, mag hy dan die genome besluit eiewillig ignoreer en maak asof dit nie bestaan nie? Nee, so werk gelowiges nie met mekaar nie. Die ordelike pad van liefde en waarheid vereis dan dat die betrokke kerkraad langs die kerklike weg hulle oortuiging moet bewys. Die besluit bly egter geldig tot tyd en wyl die nodige bewys gelewer is.

In Die Kerkblad van April 2003 skryf prof. Dries du Plooy oor die gebeure in die Gereformeerde Kerk Waterberg onder die opskrif: Doleansie en ratifikasie – Reaksie op besluite van Waterberg:

... Artikel 31 gebruik die Latynse woord nisi (tensy). 'n Besluit is bindend, tensy bewys word ... Dit is die reël: bewys dit; oortuig die ander kerke daarvan. Hierdie problematiek het in Nederland gelei tot propagering van die sogenaamde ratifikasiereg.

In die geval van Waterberg se kerkraad is dit duidelik dat hulle die besluite van die sinode op die tafel van die kerkraad gehad het, en steeds besig is om die besluite te toets. Op sigself is dit – vanuit 'n bepaalde perspektief gesien – 'n korrekte en voorbeeldige manier van doen, want besluite wat geneem is, kan verkeerd wees. Waterberg het egter verder gegaan: hulle het nie net met goeie reg krities na sommige besluite gaan kyk nie om te bepaal of dit reg of

verkeerd is nie. Hulle het opnuut en telkens hul eie besluite oor die besluite van die Sinode geneem en besluit wat hulle as geldig of as ongeldig sal beskou. Met ander woorde: die besluite wat die Sinode geneem het, word eintlik deur hulle beskou as ongeldig tot tyd en wyl die kerkraad dit geldig/aanvaarbaar of ongeldig/onaanvaarbaar verklaar het.


Dit is die tipiese metode van die voorstanders van die sogenaamde ratifikasiereg wat vroeër in die geleedere van die Vrygemaakte Kerke in Nederland aan die orde was. Terloops, dit geskied vandag nie meer so in daardie kerke nie. Volgens die ratifikasiereg moet die kerke na afloop van 'n meerdere vergadering die hele vergadering as't ware herhaal. Dieselfde sake word dus twee keer in behandeling geneem: eers deur die sinode, en dan by die kerkraad waar dit geldig gemaak word (ratifikasie kom van die Latynse *ratus facere* = om geldig te maak; die artikel praat van *ratus habere*: om as geldig te hou).

Ds Krüger en prof Du Plooy se sienings oor Artikel 31 verdien kommentaar.

- Hulle gaan beide daarvan uit dat 'n besluit wat met meerderheid van stemme geneem is, geldig en daarom bindend is. Dit is onwaar. Dit staan ook nie so in Artikel 31 nie. Wanneer is 'n besluit geldig en gevolglik bindend? As dit met Gods Woord, die belydenis en die kerkorde ooreenkom. Die meerderheid van stemme bepaal nie die geldigheid van 'n besluit nie (vergelyk Artikel 7 NGB), maar die Skrif!
- Ds Krüger stel dat, indien iemand meen dat 'n bepaalde besluit van 'n meerdere vergadering ongeldig is, die bewyslas op die persoon rus: 'Hy/sy moet dan bewys dat die besluit strydig is met die Woord van God'. Dit is heeltemal korrek. Dit is 'n suiwer regsbeginself. Maar dan sê ds Krüger verder: 'Tot tyd en wyl die beswaar bewys word, is die sinodebesluit geldig'. Hy herhaal

dit: 'Die besluit bly egter geldig tot tyd en wyl die nodige bewys gelewer is'. Ds Krüger verander die 'tensy' van Artikel 31 in 'tot tyd en wyl'. Dit is verandering van een woord, wat egter tot 'n reusagtige verskil lei. Dit impliseer dat 'n besluit wat met meerderheid van stemme geneem is (en volgens ds Krüger daarom geldig is) op 'n stadium ongeldig verklaar kan word. Dit is uiteraard onmoontlik. 'n Besluit is uit die staanspoor geldig (*ratus* = ooreenkomstig Gods Woord) of ongeldig (*irratus* = nie ooreenkomstig Gods Woord nie). 'n Ongeldige besluit kan nie geldig gemaak word nie; ook al stem 'n hele vergadering ten gunste daarvan. Net so kan 'n geldige besluit nie ongeldig gemaak word nie. Om van 'n lidmaat of kerkraad, wat oordeel dat 'n bepaalde besluit ongeldig is, te verwag dat hy/sy/hulle dit as geldig moet beskou totdat die teendeel bewys is, getuig nie van regspraak nie.

- Ds Krüger en prof Du Plooy bevestig albei die noodsaaklikheid van bewyslewing indien 'n bepaalde besluit van 'n meerdere vergadering nie vir vas en bindend gehou kan word nie. Dit is korrek. Wat egter onwaar is, is die voorstelling wat hulle maak van die ratifikasiereg, asof ratifikasie sou impliseer dat 'n kerkraad 'n besluit van 'n meerdere vergadering op sy eie ongeldig kan verklaar en dan maar doen wat hy wil. Ratifikasie beteken presies die teenoorgestelde. Indien 'n besluit getoets is en ongeldig bevind is, moet die bewyse vir ongeldigverklaring so gou moontlik aan die meerdere vergadering voorgelê word. Kerke is dit aan mekaar verskuldig om vermeende ongeldigheid aan mekaar bekend te maak.
- Prof du Plooy stel: 'Volgens die ratifikasiereg moet die kerke na afloop van 'n meerdere vergadering die hele vergadering as't ware herhaal. Dieselfde sake word dus twee keer in behandeling geneem: eers deur die sinode,



## FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria  
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927  
Posbus 11607, 0121 Queenswood  
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

### OP DIE BODEM VAN DIE VAALDAM – V E d'Assonville

In hierdie interessante boek word die geskiedenis wat bo en onder die huidige Vaaldam oor die afgelope twee eeue heen ontvou het, beskryf. Prof d'Assonville ken die gebied en die historiese verloop oor meer as 'n eeu deur navorsing, maar ook deur eie deurliefde ervaring.  
211 ble. R100

KLEUR VERSKIL – Jan Lubbe ('n perspektief op die NG kerk in 1948 en apartheid as kerklike beleid). Ds Jan Lubbe vertel nie net van die belewenisse wat kerkmense in 1948 gehad het nie, maar hy wys ook op die wordingsgeskiedenis van 'apartheid as kerklike beleid', en op die wrange vrugte wat dit gedra het. Hierdie vertel 'n verhaal van geloof wat deur vrees geknel was en 'n kerk wat verkneg geraak het. Maar ook van geloof wat in 'n kleurryke land bo kleurverskil kan uitstyg.  
70 ble. R44,95

Uitg Bredewold in Wezep het die volgende boek gepubliseer: DE HEERLIJKHEID DES HEREN BIJ ZIJN VOLK – P. van Gurp, Schetsen over Exechiël, hoofstukke 1-39 en uitgewery Mondiss in Kampen is verantwoordelik vir die sketsebundel:

DE DERDE TEMPEL – inzicht en uitzicht – J. Wiskerke-van Dooren, (Ezechiël 40-48)

Ezechiël is nie die maklikste Bybelboek om op verenigings en studieverenigings te bespreek nie, maar hierdie twee boeke gee 'n baie goeie oorsig en kan met vrug gebruik word!  
R53, resp. R72

en dan by die kerkraad waar dit geldig gemaak word'. Dit is geen suiwer weergawe van die ratifikasieplig nie. Die studie wat sinode-deputate gedoen het, al die beredeneringe en bevindinge word nie opnuut oorgedoen as daar geratifiseer word nie. Die finale besluite van die meerdere vergadering word getoets. Dit is ooreenkomstig Artikel 33 Kerkorde 'n korrekte werkwyse. Afgevaardigdes moet aan die vergadering wat hulle afgevaardig het kom verslag doen oor hulle werksaamhede. Die vergadering wat hulle gestuur het moet dan oordeel of hulle ooreenkomstig hulle mandaat opgetree het. So is dit deur alle eeue in die Gereformeerde Kerke gedoen. Herhaling van 'n sinode? Nee. Toets of die besluite wat geneem is geldig is? Ja.

- Prof du Plooy wys op die term ratifikasie: 'ratifikasie kom van die Latynse *ratus facere* = om geldig te maak; die artikel praat van *ratus habere*: om as geldig te hou'. Dit is korrek. Maar dan moet daar volledigheds- en

eerlikheidshalwe bygevoeg word dat ratifikasie 'n geekte regsterm is, wat in die Gereformeerde kerkreg dui op *ratihabitio*: om as geldig te hou. Artikel 31 soos wat dit tans in die Kerkorde van die GKSA verwoord is, behoort eintlik te lees: 'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, sal vir vas en bindend (geldig) gehou word, tensy ...'.

Gaan die debat rondom ratifikasie al dan nie oor letter-siftery? Is dit 'n tegniese gekibbel oor 'n woord hier en 'n term daar? Voorwaar nie. Dit gaan oor baie meer. Die alleenheerskappy van die Woord kom in gedrang as kerkrade (*lasgewers*) nie ooreenkomstig die Skrifte toets wat hulle afgevaardigdes (*lashebbers*) besluit het nie. Die Gereformeerde Kerk Waterberg het nie slegs vanuit 'n bepaalde perspektief' reg opgetree deur sinodebesluite te toets nie. Hulle doen bloot hulle plig. Dit is 'n plig wat op die skouers van elke kerkraad rus.

## Spelreëls vir opbouende debatvoering

Prof JH van Wyk gee in Die Kerkblad van April 2003 'n lys van sewe spelreëls vir opbouende debatvoering.

- Een: Die Skrif as norm (2 Timoteus 3:15-17)
- Twee: Onderskei die dinge waarop dit werklik aankom (Filippense 1:10 en Romeine 2:18)
- Drie: Debatteer sover moontlik saaklik en nie persoonlik nie
- Vier: Luister altyd aandagtig, ook na die ander kant van die saak
- Vyf: Wees altyd bewus van die beperktheid van alle menslike kennis
- Ses: Volg die reëls vir goeie logika
- Sewe: Die doel van ons debatte behoort altyd gerig te wees op geloofsopbou, kerkgroei en koninkryksdiens

Dit is sewe reëls om te onthou.

## GEBED VAN CALVYN<sup>1</sup>

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor Jeremia 18:1-10 en dan veral vers 6b:

Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

Met u oordeel, o almagtige God, staan of val ons. Gee dat ons van ons swakheid en onmag bewus is. Laat ons steeds daaraan dink, dat ons lewe soos 'n skadu is, ja dat ons heeltemal nietig is. Laat ons leer om in U alleen te rus en ons deur U en u welbehag alleen te laat lei. Dit lê net in u hande om die werk van ons verlossing te begin en te voltooi. Gee dan, o God, dat ons van ons tekortkomings bewus is. Gee dat ons ons aan U onderwerp en u roeping ook in die toekoms nakom. Verleen aan ons, dat ons U steeds aanroep en al ons sorge op U werp, totdat alle gevare eindelijk verby is en ons tot die ewige, salige rus kom, wat vir ons deur die bloed van u eniggebore Seun verwerf is.

Amen.

<sup>1</sup> Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand van ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.